Pretorius v Dietrich 1872: Klinkende munt of papiergeld?[1]

Liezel Wildenboer & Keith Dietrich

Liezl Wildenboer, Departement Jurisprudensie, Kollege vir Regsgeleerdheid, Unisa
Keith Dietrich, Departement Visuele Kunste, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Daar was geen amptelike hofverslae in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) voor 1877 nie. Hierdie bydrae gee ’n rare blik op ’n regsdispuut wat uit die vroeë 1870’s dateer. Die feite van die dispuut is afgelei uit verwante argivale bronne, aangesien die oorspronklike hofdokumentasie nie gevind kon word nie. Pretorius het ’n eis ingestel teen Dietrich op grond van ’n skuldbewys. Dietrich het daarop die uitstaande bedrag in papiergeld betaal. Weens die destydse depresiasie van die papiergeld, het Pretorius egter aangedring op betaling in klinkende munt. Dietrich het appèl aangeteken teen die vereiste betaalmiddel en verskeie regeringsbeamptes by die dispuut betrek. Ten einde die konteks van die dispuut te verstaan, word ’n kort beskrywing van die ekonomiese omstandighede van die ZAR gegee met spesifieke klem op die verskeie uitgiftes van papiergeld. Daarna word die feite van die dispuut chronologies uiteengesit en die betrokkenheid van die regeringsamptenare verduidelik. Die bydrae kyk in die besonder na drie knelpunte wat uit die dispuut na vore gekom het, naamlik die onafhanklikheid van die regbank, die destydse regsposisie ten aansien van die betaling van skuld in ’n sekere betaalmiddel, en die relevansie van sekere gemeneregbronverwysings waarop die verweerder gesteun het.

Trefwoorde: betaalmiddel; Dionysius van der Keessel; Drie en Dertig Artikels van 1844; ekonomiese geskiedenis; Grondwet van die ZAR, 1858; *Hollandsche Wet*; Hugo de Groot; J.C. Preller; Joannes van der Linden; Johannes Voet; klinkende munt; lasbrief vir eksekusie; *mutuum*; onafhanklikheid van die regbank; papiergeld; Petrus Johannes van Staden; regsdispuut; Romeins-Hollandse reg; Simon van Groenewegen van der Made; Simon van Leeuwen; S.J. Meintjes; uitvoerende raad; verbruiksleningsooreenkoms; volksraad; William Skinner; ZAR; ZAR-wetgewing; Zuid-Afrikaansche Republiek.

Abstract

Pretorius v Dietrich 1872: Hard cash or paper money?

Ever since establishing its independence, the South African Republic (ZAR) had been plagued by financial difficulties. From 1866 the British pound sterling was accepted as the country’s currency, and due to the lack of its own coinage, between 1865 and 1870 the ZAR issued paper money, initially as a temporary measure – it would later be replaced by coins. The accumulation of debt and repeated issuing of printed money led to the devaluation of this currency and it was no longer readily accepted as payment. It was within this context that the dispute between Pretorius and Dietrich took place. This article focuses on a number of issues

that arose from a court action brought against Johann Moritz Dietrich by Willem Francois Pretorius in the Rustenburg Magistrate's Court in 1871.

The reason for the dispute is uncertain, but the court action involved a promissory note issued by Dietrich on 4 March 1871. The magistrate of Rustenburg ruled in favour of Pretorius, and due to the depreciation of paper money, ordered that Dietrich pay the claim in "hard cash" (English money). Dietrich appealed against the ruling, but it was confirmed on 5 July 1871 by the Rustenburg Hof van Landdrost en Heemraden, and again by the high court on 28 and 29 August 1871.

Various notable government officials were drawn into the dispute, including William Skinner, who at the time of the first judgment was the chairman of the high court. Skinner later indicated that he did not support the majority court ruling, and that in his opinion an order for payment in hard cash was not enforceable. The day following the decision of the high court, Dietrich deposited the outstanding amount of £102.15 in paper money at the Rustenburg sheriff for which a receipt was issued on 3 September. Pretorius refused to accept this money, demanding that payment be made in hard cash. At his request, on 4 December 1871 the Rustenburg magistrate's court issued a warrant for the seizure of Dietrich's goods. In his capacity as chairman of the high court, Skinner intervened by issuing an official letter to J. Wagner, the sheriff of Rustenburg, prohibiting the execution of the warrant. He threatened to hold Wagner personally responsible for any damages that might arise from further action. This intervention was in itself an irregular departure from the normal civil legal process.

Having been pressured by Pretorius, the magistrate of Rustenburg, P.J. van Staden, sought advice on the matter from the state secretary, N.J.R. Swart, who in turn sought the advice of the state attorney, J.C. Preller. Preller upheld the original court order that payment be made in hard cash, and that this order be respected.

A few months later Dietrich's attorney, S.J. Meintjes, objected to acting president D.J. Erasmus and members of the executive council of the ZAR to the notice of the execution of sale of Dietrich's goods. His objection was based on procedural requirements and on the ground that payment in hard cash cast misgivings regarding the country's monetary system.

Meintjes's recourse had its anticipated effect and Swart responded by referring all the documentation to Preller, requesting his legal opinion. In his second assessment, dated 5 June 1872, Preller agreed with Skinner's original position of 4 December 1871, and was of the opinion that the debt had been settled and that no further action was to be taken against Dietrich. In his appeal Meintjes cited Joannes van der Linden and pointed out that in similar cases in the ZAR debtors had been given the option to pay either in hard cash or the equivalent value in ZAR paper money.

The executive council then ordered the chairperson of the high court (Skinner) not to wrongfully trouble Dietrich, and warned that if the execution process should continue, Skinner would be accountable for any damages or costs incurred to Dietrich. It was pointed out to the chair that, if necessary, the matter be referred to the Volksraad. Skinner responded on 7 June 1872 and accordingly the sheriff ordered the implementation of the execution to be stopped. Despite this, by 25 July 1872 Dietrich's wagon and oxen had not been returned and were still impounded by the sheriff. After July 1872 there appears to have been no further correspondence on the matter, and one can conclude that the dispute was eventually settled out of court.

Considering the above dispute, three particular legal issues are addressed here, namely (i) the independence of the judiciary, (ii) the legal position at the time regarding the payment of debt in paper money or hard cash, and (iii) the relevance of certain references to common law sources on which the defendant relied.

(i) With regard to the independence of the judiciary, we argue that the intervention of the executive council in the dispute with the instruction to the chairman of the high court to stop any further proceedings against the defendant may be regarded as unconstitutional, as the executive had no authority to intervene in judicial matters.

(ii) The two conflicting views in Preller's second opinion of 5 June 1872 are pointed out. On the one hand Preller maintained that the debt had already been settled, but on the other he maintained that the value of the debt still had to be calculated. We then discuss the question regarding the actual amount of the claim, namely whether the plaintiff could insist on payment in hard cash after the defendant had paid the original debt of £100 in paper money. We first analyse the hierarchy of the sources of law of the ZAR and then continue to state the legal position according to each of these sources.

(iii) In his letter dated 25 July 1872 Dietrich refers to the two decisions of the executive council where the chairperson of the high court was prohibited from taking further steps against him (Dietrich). Dietrich's letters also indicate that he was planning to institute a court action against the chairperson, though he was unsure which court had jurisdiction regarding the proposed action. In his letter Dietrich refers to Simon van Leeuwen's *Het Roomsch Hollandsch Recht* and Joannes van der Linden's *Regtsgeleerd, Practicaal en Koopmans Handboek,* both works having been considered authoritative sources in the ZAR. These texts and their relevance to the situation are then explored.

What on the surface appears to be a routine dispute over payment of an outstanding debt, on closer inspection leads to a number of interesting legal questions in the context of the economic and political background of the ZAR. The lack of available legal authorities complicated the situation that led to a degree of uncertainty, which in turn drew a number of legal officials into the dispute. The particular context and shortcomings of the monetary system of the ZAR led to interference by the state in the course of a legal process. A number of questions are also left unanswered due to uncertainty regarding the facts of the case and the unavailability of court documents. Despite the above, this dispute illustrates the timelessness of some important legal aspects, such as the independence of the judiciary, the importance of a stable currency and the impact of humanitarian considerations on legal matters.

Keywords: Constitution of the ZAR, 1858; Dionysius van der Keessel; economic history; Executive Council; hard cash; *Hollandsche Wet*; Hugo de Groot; independence of the judiciary; J.C. Preller; Joannes van der Linden; Johannes Voet; legal dispute; legal tender; loan for consumption; *mutuum*; paper money; Petrus Johannes van Staden; Roman-Dutch law; Simon van Groenewegen van der Made; Simon van Leeuwen; S.J. Meintjes; South African Republic (ZAR); Thirty-three Articles of 1844; Volksraad; warrant for execution; William Skinner; ZAR; ZAR legislation; Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR).

1. Inleiding

Hierdie bydrae spruit voort uit persoonlike genealogiese navorsing wat onverwags tot die ontdekking van 'n regsdispuut in 1872 gelei het. Nie net dateer hierdie regsdispuut uit 'n tydperk in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) toe hofbeslissings nie gerapporteer of amptelik gepubliseer is nie, maar dit het ook vele interessante regsvrae na vore gebring. Ten einde die dispuut in konteks te plaas, kyk ons vervolgens kortliks na die ekonomiese agtergrond van die ZAR; daarna gee ons die feite van die dispuut weer soos blyk uit argivale bronne; en laastens bespreek ons enkele regsvrae aangaande die dispuut met verwysing na die relevante en beskikbare regsbronne van daardie tyd.

2. Ekonomiese agtergrond van die ZAR

'n Volledige beskrywing van die ekonomiese geskiedenis van die ZAR val buite die bestek van hierdie bydrae. Ten einde die konteks van die regsdispuut tussen Pretorius en Dietrich te verstaan, is dit egter noodsaaklik om 'n kort beskrywing van die destydse algemene ekonomiese toestande hier weer te gee. Meer spesifiek word die uitgifte van papiergeld ook bespreek, aangesien dit 'n wesenlike element van die dispuut gevorm het.

Gedurende die vroeë jare van die ZAR was die fokus meestal op die staatkundige ontwikkeling en militêre behoeftes van die nuwe staat gerig; die ekonomiese ontwikkeling het agterweë gebly. Oorsake van die Republiek se sukkelende ekonomie was onder andere gebrekkige handelsfasiliteite en 'n behoefte aan 'n eie hawe,[2] asook 'n geskil oor doeaneregte.[3] Geld in sirkulasie was skaars[4] en die regering kon soms nie eens die salarisse van belangrike amptenare soos die kommandant-generaal of die staatsekretaris bekostig nie.[5] Alhoewel die Boere nog in riksdaalders, schellings en stuiwers gereken het, was die geld wat wel in sirkulasie was, hoofsaaklik die sogenaamde "Engelse geld" of die pond sterling.[6] Om hierdie rede het heelwat transaksies in die vorm van ruilhandel plaasgevind en is onder andere vee, diervelle, wol, botter, ivoor en volstruisvere as betaalmiddels gebruik.[7] Verder het die gemeenskap dikwels gewillig saamgewerk aan die opbou van hul nuwe onafhanklike staat en nie geskroom om van hul tyd, mannekrag, dienste of hulpbronne te gee wanneer die regering of plaaslike owerheid dit vereis het nie.[8] Die publiek was egter oor die algemeen erg gekant teen die betaling van verpligte belasting.[9] Hierdie posisie het eers met die promulgasie van die 1858-Grondwet verander toe die term *belasting* in stede van *bydragen* gebruik is.[10]

In 1866 is die Britse pond sterling as betaalmiddel in die ZAR aanvaar.[11] Desondanks het selfs amptelike dokumente en wetgewing tot in 1868 steeds soms verwys na bedrae uitgedruk as riksdaalders.[12]

Ten spyte van verskeie pogings om die staatskas aan te vul[13] en die latere toename in uitvoer gedurende die 1860's,[14] was die beskikbaarheid van geld steeds 'n probleem.[15] Weens die gebrek aan 'n eie munt in die ZAR het die idee ontstaan om papiergeld te laat druk. Reeds so vroeg as 1855 het die volksraad 'n versoekskrif van 'n groep inwoners van Potchefstroom ontvang wat vra dat papiergeld gedruk word met staatsgrond as sekuriteit.[16] Alhoewel die volksraad in 1857[17] en 1858[18] in beginsel besluit het om wel papiergeld met grondsekuriteit te laat druk, is die eerste papiergeld eers in Junie 1865 uitgegee.[19] Die papiergeld is oorspronklik bloot as 'n tydelike maatreël gesien en die volksraad het onderneem om dit binne 18 maande met muntstukke te vervang. Hierdie ideaal het egter nie gerealiseer nie en in stede daarvan is verdere papiergeld in 1866,[20] 1867,[21] 1868[22] en weer in 1870[23] gedruk.

Die doel van elke nuwe uitgifte was om die binnelandse staatskuld ingevolge sogenaamde Mandaten en vorige uitgiftes uit te wis. Nuwe inligting oor onbetaalde skuld wat telkens aan die lig gekom het, asook die onvoorsiene uitgawes van die vele oorloë waarin die ZAR betrokke was, het beteken dat die vorige uitgiftes nooit voldoende was nie.[24] Dit het beteken dat die ZAR se staatskuld in werklikheid eerder vermeerder het. Die waarde van die papiergeld *per se* het verminder en teen 1870 is dit teen slegs 25 persent van die sigwaarde daarvan gewaardeer.[25] Die papiergeld is ook nie oral as betaalmiddel aanvaar nie.[26] Dit was binne hierdie konteks dat die dispuut tussen Pretorius en Dietrich plaasgevind het, soos hier onder bespreek sal word.

Die destydse staatspresident, M.W. Pretorius, was baie besorg oor die ZAR se finansiële posisie en was van mening dat die lae waarde van die papiergeld toegeskryf kon word aan die publiek se gebrek aan vertroue in die regering en in wetgewing; hy het verklaar dat goeie wetgewing en wyse maatreëls veel sou doen om die waarde van die papiergeld te verhoog.[27] 'n Kommissie wat aangestel is om die aangeleentheid te ondersoek, het vyf oorsake vir die waardevermindering van die papiergeld geïdentifiseer: (i) die feit dat geen verbande nog oor

die plase wat as sekuriteit vir die papiergeld gedien het, geregistreer was nie; (ii) dat geen amptelike voorskrifte vir die onttrekking en vernietiging van ou papiergeld gemaak is nie; (iii) dat geen stappe gedoen is om onreëlmatighede te voorkom nie; (iv) dat die eerste vier uitgifte op papier van swak kwaliteit gedruk was;[28] en (v) dat die volksraad se besluit van 28 September 1866 handel gestrem het. Ingevolge die volksraad se besluit sou handelaars wat weier om die papiergeld te aanvaar, of nie die papiergeld as gelykwaardig aan die "harde geld" ("zilver of goud geld") wou aanvaar nie, hul handelslisensie verloor.[29] In reaksie hierop het die volksraad verskeie stappe gedoen om die probleem die hoof te bied. Artikel 12 van Wet 11 van 1870 het die 1866-volksraadsbesluit spesifiek herroep, maar handelaars verplig om papiergeld as wettige betaalmiddel te aanvaar.[30] Die wet het verder voorsiening gemaak vir die inwisseling en vernietiging van ou note.[31] Wet 7 van 1871 het bepaal dat nuwe note vir ou note binne 'n tweejaartydperk ingeruil mag word.[32] Verder is sekere maatreëls ingestel vir die verkoop van die plase wat as sekuriteit vir die papiergeld gedien het.[33] 'n Addisionele belasting (hoofbelasting of opgaaf) is ook gehef ten einde staatsinkomste te vergroot.[34] Die kommissie het 'n kennisgewing gepubliseer waarvolgens daar by 'n vergadering van handelaars van Potchefstroom op 17 September 1870 besluit is om die waarde van papiergeld in sirkulasie met 10 shillings in die pond te verhoog met die hoop dat dit handel sou bevorder en uiteindelik die waarde van die papiergeld ten volle sou laat herstel.[35]

Hierdie ingrypings het uiteindelik 'n positiewe effek op die staat se ekonomie gehad.[36] Die situasie het verder verbeter in reaksie op die staat se lening ten bedrae van £60 000 van die Cape Commercial Bank. Wet 3 van 1873 het voorsiening gemaak vir die inruiling van alle papiergeld en *Good Fors* ("goed voors") teen hul volle waarde vir óf tjeks getrek op die Cape Commercial Bank óf klinkende munt.[37] Wet 2 van 1873 het voorsiening gemaak vir 'n delgingsfonds en die uiteindelike afbetaling van die lening.[38] Teen Februarie 1875 was die staat se skuld ten opsigte van papiergeld uitgewis en deur die enkele lening vervang.[39] Die ontdekking van diamante en goud het gesorg vir verdere hoop in die groei van die ZAR se ekonomie. Die nuwe staatspresident, T.F. Burgers, het selfs die ZAR se eerste munte laat maak met goud wat in Pelgrimsrus[40] ontdek is.[41] Die toekoms van die ekonomie het inderdaad rooskleurig gelyk, maar hierdie posisie het verander ná Burgers se mislukte poging om 'n spoorlyn na Delagoabaai te bou en die onverwagte Britse anneksasie van 1877.[42]

3. Die dispuut tussen Pretorius en Dietrich

Daar was geen amptelike hofverslae in die ZAR voor 1877 nie.[43] Die hofdokumentasie en beslissings wat voor 1877 dateer en wel behoue gebly het, kan meestal slegs in argivale bronne gevind word. In die geval van die dispuut tussen Pretorius en Dietrich kon ons nie al die relevante dokumentasie vind nie en was ons dus genoodsaak om die feite van die dispuut, asook die chronologiese volgorde van die verwante gebeure, uit verskeie argivale bronne af te lei. Alhoewel sulke leemtes frustrerend is vir 'n navorser wat belangstel in die persoonlike besonderhede van die partye en die fynere nuanses van die dispuut, is dit nie wesenlik vir doeleindes van hierdie bydrae nie; die regsvrae wat uit die dispuut ontstaan het, is van groter belang en is op die bekende feite van die oorspronklike dispuut gebaseer. Dié feite word vervolgens kortliks bespreek.

Op 31 Mei 1871 het Willem Francois Pretorius[44] 'n aksie teen Moritz Dietrich[45] in die landdroshof te Rustenburg ingestel. Die aanloop tot die dispuut is onseker, maar die aksie was ten aansien van 'n skuldbewys wat op 4 Maart 1871 onderteken is en op 17 April 1871 verval het. Die landdros, Petrus Johannes van Staden,[46] het ten gunste van Pretorius beslis en Dietrich gelas om die eisbedrag in "harde geld" te betaal. Dietrich het appèl aangeteken, maar die beslissing is op 5 Julie 1871 deur die Rustenburgse Hof van Landdrost en Heemraden en weer later, op 28 en 29 Augustus 1871, in verdere appèl deur die Hooge Geregtshof bevestig.[47] William

Skinner,[48] wat ten tye van laasgenoemde uitspraak die voorsitter van die hooggeregshof was, het later aangedui dat hy nie die meerderheidsuitspraak ondersteun het nie omdat hy van mening was dat ’n bevel om betaling in “harde geld” nie afdwingbaar was nie.[49] Die dag na die hooggeregshof se uitspraak het Dietrich die uitstaande bedrag[50] (£102.15) in papiergeld inbetaal by die Rustenburgse landdroskantoor en ’n kwitansie daarvoor is op 3 September 1871 uitgemaak.[51]

Weens die ekonomiese omstandighede in die ZAR en die depresiasie van die Republiek se papiergeld, het Pretorius egter geweier om papiergeld te aanvaar en aangedring op betaling in “klinkende munt”. Op sy versoek, het die Rustenburgse landdroshof op 4 Desember 1871 ’n lasbrief tot beslaglegging uitgereik.[52]

Hierop het Skinner in sy hoedanigheid as voorsitter van die hooggeregshof tussenbeide getree: hy het dieselfde dag ’n amptelike brief op die balju van Rustenburg, ene J. Wagner,[53] laat beteken waarin hy die balju verbied om voort te gaan met die uitvoering van die lasbrief en verder dreig om hom persoonlik aanspreeklik te hou vir enige skade wat sou ontstaan indien hy (die balju) sou aandring daarop om die onreëlmatige lasbrief wel uit te voer.[54] Hierdie ingryping was ’n vreemde en onreëlmatige afwyking van die normale sivielregtelike proses.

Dit blyk dat die landdros van Rustenburg deur Pretorius geteister is en dat laasgenoemde op die spoedige afhandeling van die aangeleentheid aangedring het, want op 12 Januarie 1872 het die landdros ’n tweede keer[55] advies in dié verband van die staatsekretaris, N.J.R. Swart, versoek.[56] Laasgenoemde het die regsopinie aangevra van die staatsprokureur, J.C. Preller.[57] Preller se opinie was eenvoudig dat die oorspronklike bevel vir betaling in “klinkende munt” in appèl bevestig is, en dat die hooggeregshofbevel eerbiedig moes word. Hy het daarop gewys dat die hooggeregshof die hoogste gesag in siviele sake het en dat die uitvoerende raad nie die mag het om enige wysigings aan ’n hofbevel aan te bring nie.[58] Ten spyte van Preller se uitdruklike aandrang tot die teendeel, blyk dit uit die opinie dat Preller nie op hierdie tydstip in die meriete van die saak geïnteresseerd was nie, maar hom slegs met die relevante jurisdiksionele aangeleenthede bemoei het. Aangesien die oorspronklike instruksie aan Preller nie teruggevind kon word nie, is dit onmoontlik om te bepaal of Skinner se skrywe van 4 Desember 1872 deel was van die dokumentasie wat aan Preller gestuur is. Die feit dat Preller hom nie in hierdie stadium bemoei het met die meriete van die saak nie, skep egter die moontlikheid dat Preller óf nie in besit was van Skinner se skrywe nie, óf dat hy Skinner se skrywe nie in diepte bestudeer het nie.

Dit blyk dat die lasbrief vir eksekusie van 4 Desember 1871 wel later uitgevoer is, maar dat die verkoop van Dietrich se goedere op 9 April 1872 deur die voorsitter van die hooggeregshof stopgesit is. Die lasbrief is egter nooit teruggetrek nie en die goedere waarop beslag gelê is, naamlik ’n wa en osse,[59] is nie aan Dietrich terugbesorg nie, maar het in die besit van die balju van Rustenburg gebly.[60]

Die partye kon steeds nie tot ’n skikking kom nie, en op 4 Junie 1872 het ’n kennisgewing in die *Staats Courant*[61] verskyn wat die eksekusieverkoping van Dietrich se goedere geadverteer het vir Sondag 9 Junie 1872 en gespesifiseer het dat betaling in “Klinkende Engelsche Munt” moet geskied.[62] Dietrich se prokureur, S.J. Meintjes,[63] het onmiddellik beswaar gemaak by die waarnemende president en lede van die uitvoerende raad teen die kennisgewing. Sy beswaar het op prosedurele vereistes[64] berus en op die sentimentele beroep dat aandrang op betaling in klinkende munt ’n ontkenning van die land se eie geldstelsel daargestel het.[65]

Die beroep het die gewenste uitwerking gehad en die staatsekretaris, Swart, het onmiddellik gereageer deur al die dokumentasie aan die staatsprokureur, Preller, te stuur en weer eens sy regsopinie gevra.[66] In sy tweede opinie, gedateer 5 Junie 1872, het Preller saamgestem met Skinner se oorspronklike standpunt van 4 Desember 1871: hy was naamlik van mening dat die

skuld reeds vereffen was en dat geen verdere stappe teen Dietrich gedoen kon word nie. Hy het Van der Linden aangehaal en ook daarop gewys dat in ander soortgelyke sake in die ZAR die skuldenaar die opsie gegee is om óf in harde kontant (Engelse geld) óf die soortgelyke waarde daarvan in (die Republiek se) papiergeld te betaal.[67] Vervolgens het die uitvoerende raad reeds die volgende dag die voorsitter van die hooggeregshof beveel om Dietrich nie verder "op wederregterlyke wyze ... moeite aan te doen" nie en gedreig om hom (Skinner) verantwoordelik te hou vir enige skade of onkoste wat Dietrich sou ly indien die eksekusie voortgesit word. Die voorsitter is versoek om, indien nodig, die aangeleentheid na die volksraad te verwys.[68] Skinner het gehoor gegee en op 7 Junie 1872 die balju gelas om die uitvoering van die eksekusie te staak.[69] Die wa en osse is egter steeds nie aan Dietrich terugbesorg nie en was teen 25 Julie 1872 nog steeds in besit van die balju, soos blyk uit twee skrywes van Dietrich[70] aan die uitvoerende raad, gedateer 24 Junie en 25 Julie 1872 onderskeidelik.[71] Na hierdie datum was daar geen verdere korrespondensie oor die aangeleentheid nie en 'n mens kan slegs aflei dat die dispuut uiteindelik buite die hof geskik is.

4. Regsvrae

Vir doeleindes van hierdie artikel beperk ons die bespreking van die relevante regspunte tot eerstens dié wat deur die staatsprokureur, Preller, in sy twee uiteenlopende opinies gegee is, en tweedens die relevansie van die gemeenregtelike bronne waarna Dietrich in sy skrywe van 25 Julie 1872 verwys het.

4.1 Die onafhanklikheid van die regbank

In sy eerste opinie van 23 Januarie 1872 het Preller bevestig dat die hooggeregshof die hoogste gesag in siviele sake het en het hy die uitvoerende raad afgeraai om in die dispuut in te meng.[72]

Die 1858-Grondwet het oënskynlik voorsiening gemaak vir 'n verdeling van magte. Die wetgewende gesag het in die volksraad as verteenwoordigende liggaam van die volk gesetel (art. 12); die uitvoerende gesag in die uitvoerende raad (art. 13); die handhawing van orde in die militêre mag (art. 14); en die regterlike gesag in die landdroste en jurielede (art. 15).

Bylaag 2 van die Grondwet het egter die regterlike gesag beperk en bepaal dat volksraadsbesluite as wetgewing gegeld het en ook dat 'n hof geen "aanmerking of beoordeling" oor sodanige besluite kon maak nie; enigiets wat deur die volksraad besluit of goedgekeur is, sou algeheel buite die jurisdiksie van die howe val.[73]

Twee punte is hier van belang. Eerstens is dit duidelik dat ten spyte van die 1858-Grondwet se daarstelling van 'n verdeling van magte, nadere ondersoek toon dat daar eerder 'n algehele ontkenning van konstitusionalisme gegeld het en dat die howe geen wetgewing of enige ander besluite van die volksraad kon bevraagteken nie. Die vraagstuk oor die onafhanklikheid van die ZAR se howe sou uiteindelik 'n kwarteeu later, in 1897, tot 'n hoogtepunt kom met die meningsverskil tussen die staatspresident, Paul Kruger, en die hoofregter, J.G. Kotzé.[74] Die polemiek wat daarop gevolg het, sou uiteindelik die einde van Kotzé se regterlike loopbaan in die ZAR beteken.[75]

Tweedens is dit belangrik om daarop te let dat Bylaag 2 geswyg het oor besluite van die uitvoerende raad wat die uitvoerende gesag daargestel het. Die rede hiervoor is duidelik: die doel van Bylaag 2 was om die howe se toetsingsbevoegdheid ten opsigte van *wetgewing* te beperk. In effek beteken dit dat die regterlike gesag onderworpe was aan besluite van die volksraad, maar nie aan besluite van die uitvoerende raad nie. Dit beteken dat die uitvoerende gesag dus geen bevoegdheid gehad het om in te meng in judisiële aangeleenthede nie.

Die uitvoerende raad se ingryping[76] in die dispuut met die opdrag aan die voorsitter van die hooggeregshof om enige verdere stappe teen die verweerder te staak, was dus ongrondwetlik.

4.2 Papiergeld v klinkende munt

In sy tweede opinie, gedateer 5 Junie 1872,[77] het die staatsprokureur Skinner se standpunt, soos uiteengesit in sy skrywe van 4 Desember 1871, ondersteun. Preller was van mening dat die skuld reeds vereffen was en dat daar geen verdere eksekusiestappe kon volg nie. Hy was verder van mening dat selfs indien die skuld nie vereffen was nie, die hooggeregshof se bevel steeds nie uitgevoer kon word alvorens likiditeit vasgestel was nie.[78] Laastens het hy genoem dat likiditeit in soortgelyke sake in die ZAR vasgestel is deurdat die bedrag in harde geld of in die waarde daarvan in note bereken is. Hierdie opinie bevat dus twee strydige uitgangspunte: aan die een kant was Preller van mening dat die skuldbedrag reeds vereffen is, maar aan die ander kant is sy mening dat die waarde van die skuldbedrag eers bereken moet word.

Preller se laaste opmerking bevat die kruks van die dispuut, naamlik die werklike eisbedrag. Die vraag is dus of die eiser kon aandring op betaling in klinkende munt nadat die verweerder die oorspronklike skuldbedrag (naamlik £100)[79] in papiergeld verreken het. Hierdie vraagstuk word vervolgens kortliks aan die hand van die beskikbare en relevante gesag ten tye van die dispuut bespreek.

Aangesien die skuldbewys nie beskikbaar is nie, kan ons nie met sekerheid sê wat die aard van die ooreenkoms tussen Pretorius en Dietrich was nie. Vir doeleindes van hierdie bydrae neem ons aan dat die partye ’n verbruikleningsooreenkoms (*mutuum*) gesluit het.[80] ’n Geldleningsooreenkoms is ’n voorbeeld van ’n verbruikleningsooreenkoms.[81] Ingevolge die gemenereg word geld en ander vervangbare goedere wat ingevolge ’n verbruikleningsooreenkoms uitgeleen word, as verbruik beskou ook indien dit so vermeng het met die lener se eiendom dat dit nie langer skeibaar of identifiseerbaar is nie; die uitlener kan dan nie aandring op teruggawe van daardie spesifieke munte of goedere nie, maar slegs op soortgelyke items.[82]

Indien die verweerder uitdruklik onderneem het om die betaling in ’n spesifieke tipe geld (klinkende munt of papiergeld) te maak, sou dit deel vorm van die ooreenkoms tussen die partye en sou die eiser betaling daarvolgens kon afdwing. In hierdie geval is dit egter onmoontlik om met enige sekerheid te sê wat die ooreenkoms bepaal het, aangesien die oorspronklike skuldbewys nie gevind kan word nie. Die verweerder se appèl teen die onderskeie howe se bevele dat hy in klinkende munt moet betaal, impliseer egter dat daar nie uitdruklik ooreengekom is op die tipe geld nie en ’n mens kan dus aflei dat die skuldbewys niks daaroor vermeld het nie. Die regsvraag is dus of Pretorius kon aandring op betaling in klinkende munt.

Die regstelsel van die ZAR was gebaseer op Hollandse reg (“de Hollandsche wet”). Artikel 31 van die Drie en Dertig Artikels van 1844 het bepaal dat die *Hollandsche Wet* sou geld waar die bestaande wetgewing geswyg het. Die toepassing van die Hollandsche Wet was onderworpe aan twee verdere beperkings: dit kon slegs op gematigde wyse toegepas word in soverre dit in ooreenstemming met die gewoontereg van die ZAR was en mits dit tot die voordeel en welvaart van die Republiek was.[83] Ingevolge Bylaag 1 van die 1858-Grondwet het die *Hollandsche Wet* bestaan uit sekere gemeenregtelike bronne wat bindende gesag gehad het. Van der Linden se *Regtsgeleerd, practicaal en koopmans handboek* (hierna *Koopmans handboek*) is as die primêre bron beskou en het as wetboek van die ZAR gegeld vir soverre dit nie in stryd met die Grondwet was nie; slegs in gevalle waar die *Koopmans handboek* geen leiding gegee het nie, of dié werk onduidelik was, het Van Leeuwen se *Het Roomsch Hollandsch recht* en Hugo de Groot se *Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleertheyd* bindende gesag gehad.[84]

Dit beteken dus dat daar ’n grondwetlik voorgeskrewe hiërargie van regsbronne bestaan het. In orde van belang was hierdie bronne wetgewing, gewoontereg en die gespesifiseerde gemeenregtelike bronne.

Ingevolge artikel 3 van Wet 11 van 1870 is die ZAR se papiergeld as wettige betaalmiddel verklaar vir alle transaksies binne die ZAR aangegaan ná 12 Julie 1870.[85] Die skuldbewys was ná hierdie datum gedateer en die transaksie ingevolge daarvan het dus binne die toepassingsgebied van dié wet geval. Dit beteken dat tensy die partye andersins ooreengekom het op die betaalmiddel, die verweerder nie net geregtig was nie, maar eintlik verplig was om in papiergeld te betaal. Die wetgewing het egter geswyg oor die waardebepaling van die papiergeld, en daar is geen voorsiening gemaak vir ’n omsettingskoers teenoor die Britse klinkende munt nie.

Dit is nie seker wat die destydse gewoontereg in hierdie verband bepaal het nie. In ’n 1872 Natal-beslissing[86] het die hof egter na sekere handelsgebruike in die ZAR verwys. Die hof het die terloopse opmerking gemaak dat die papiergeld van die ZAR nie oor die eienskappe van banknote beskik nie en dus nie as handelsartikels beskou kon word nie.[87] Regter Phillips was ook van mening dat die papiernote nie uitgegee was vir handelsdoeleindes nie, maar bloot om die ZAR se finansiële posisie te remedieer.[88] Sy standpunt stem ooreen met dié van die Natalse prokureur-generaal, wat in daardie saak geargumenteer het dat die papiergeld van die ZAR slegs vir die vereffening van skuld betaalbaar aan die staat ten opsigte van onroerende eiendom nuttig was, en dat die note nie in die algemene handel as betaalmiddel aanvaar was nie.[89]

Wat die gemeenregtelike bronne betref, was daar verskeie menings.[90]

Van der Linden se *Koopmans handboek* stel dit duidelik dat in die geval van *mutuum* die lener by teruggawe verplig is om dieselfde kwaliteit goedere terug te besorg ongeag enige styging of daling van die prys van die goedere.[91] Dit impliseer dat die waarde van die terugbetaalde bedrag by ’n geldleningsooreenkoms moet ooreenstem met die bedrag wat oorspronklik uitgeleen is.

In sy *Het Roomsch Hollandsch recht* argumenteer Van Leeuwen dat goedere wat ingevolge *mutuum* uitgeleen word, uiteindelik deur soortgelyke substans en waarde vervang of terugbetaal moet word. ’n Uitsondering op hierdie reël geld waar die leensaak ’n bedrag geld is. In so ’n geval is ’n lener, selfs al het hy onderneem om die geleende bedrag in ’n spesifieke tipe geld terug te betaal, daarop geregtig om dit in ’n ander tipe geld te verreken mits dit dieselfde waarde as die skuldbedrag het.[92] In sy ander werk, *Censura forensis*, herhaal hy hierdie standpunt in sy algemene bespreking oor betalings. Dan bespreek hy die geval waar die tipe geld vir terugbetaling nie in die ooreenkoms gespesifiseer word nie, of waar die tipe geld wel gespesifiseer word sonder verwysing na die waarde van die geld. In so ’n geval moet die verskuldigde bedrag bereken word volgens die waarde van daardie geld op die datum van die terugbetaling. Die rede hiervoor is eenvoudig dat die leensaak die waarde van die leenbedrag vergestalt. Van Leeuwen meld egter ook spesifiek dat ’n krediteur nie verplig is om ’n betaling te aanvaar indien dit bestaan uit geld wat moontlik uit sirkulasie verwyder kan word of binnekort waardeloos sal wees nie.[93]

Met betrekking tot *mutuum* is De Groot van mening dat geld inherent geen waarde het buiten die waarde wat regtens daaraan toegeken word nie. Gevolglik is geleende geld terugbetaalbaar in enige ander gelykwaardige tipe munt.[94] Schorer interpreteer hierdie reël as dat die bedrag bereken word volgens die waarde van die geld ten tye van kontraksluiting.[95]

Al drie die ou skrywers wat bindende gesag kragtens die 1858-Grondwet geniet het, bespreek dus hierdie vraagstuk. Daar is egter ook van die ander ou skrywers wat die vraagstuk bespreek

het en ten minste oorredende gesag sou hê. Ons volstaan met ’n kort bespreking van drie van hierdie skrywers, naamlik Johannes Voet, Dionysius van der Keessel en Simon van Groenewegen van der Made.

Voet meld, ook met betrekking tot *mutuum*, dat lenings terugbetaalbaar is in enige tipe munt met dieselfde waarde; dit is nie soseer die voorwerp nie as die waarde wat hier van belang is.[96] Voet bespreek vervolgens die situasie waar die waarde van geld tussen die datums van uitleen en terugbetaling fluktueer en is van mening dat sulke fluktuasies tot die wins of verlies van die skuldenaar strek. Indien die waarde van muntstukke vermeerder het, moet die skuldenaar minder muntstukke terugbetaal, maar as die waarde van die muntstukke verminder het, moet die skuldenaar meer muntstukke aanbied. Hierdie reël berus op die beginsel dat die bedrag belangriker is as die getal munte. Die waarde van die geld word deur die owerhede bepaal.[97]

Van der Keessel sê dat waar die waarde van geld verander het, die volgende reël van toepassing is: indien die bedrag in die geldende betaalmiddel betaalbaar is, die waarde van die geld ten tye van betaling relevant is, maar indien die bedrag in ’n spesifieke tipe geld betaalbaar is, die waarde van die geld ten tye van kontraksluiting relevant is.[98]

Groenewegen van der Made verduidelik dat ’n krediteur nie regtens verplig is om betaling te aanvaar indien dit in ’n ander tipe munt as dié van die oorspronklik aangewese skuldbedrag gemaak word nie. Hierdie algemene reël word egter beperk deurdat skuld in enige tipe munt, insluitend ’n minderwaardige een, vereffen mag word, mits die bedrag ooreenstem met die waarde van die beloofde bedrag. Hierdie waarde word bepaal volgens die aanvaarde openbare koers of deur ’n taksasie soos deur ’n derde persoon voorgeskryf. Die enigste uitsonderings op hierdie beperkende reël is waar die ooreenkoms tussen die partye uitdruklik voorsiening maak vir die denominasie van die betaling, of indien die skuldenaar ’n groot bedrag skuld wil delg deur die betaling van besonder klein denominasies omdat hy die krediteur wil versondig.[99]

Oor die redes waarom Preller nie na die relevante tekste van die gemeneregskrywers soos hier bo genoem, verwys het nie, kan ’n mens bloot bespiegel. Dit is moontlik dat Preller nie toegang tot al die werke gehad het nie. Verder moet in gedagte gehou word dat sommige van die werke, soos dié van Voet en Groenewegen en Van Leeuwen se *Censura Forensis* in 1872, slegs in Latyn beskikbaar was en dus moontlik nie vir Preller toeganklik was nie.[100]

Die gemeneregskrywers stem dus saam dat tensy anders ooreengekom, vereffening van skuld in enige tipe geld mag plaasvind, en waar daar waardevermindering van ’n betaalmiddel was, of waar die kontrak bloot bepaal dat betaling in die geldende betaalmiddel moet geskied, die betaalbare bedrag bereken moet word volgens die waarde van die geld ten tye van kontraksluiting.[101] Hierdie posisie bots egter met die bepalings ingevolge Wet 11 van 1870, waarvolgens alle binnelandse betalings in papiergeld moes geskied. Dit is egter ’n ope vraag of die omsettingskoers van die papiergeld relevant was by binnelandse transaksies, aangesien artikel 3 slegs in geval van buitelandse transaksies voorsiening gemaak het vir die inagneming van die markprys van die papiergeld.[102]

Ten spyte van Preller se verwysing na soortgelyke sake, kon ons geen ZAR-hofbeslissings van voor 1872 vind wat met hierdie vraagstuk gehandel het nie.[103] Dit is dus onmoontlik om te bepaal wat die destydse howe in soortgelyke gevalle beslis het.

Ter opsomming blyk dit dus dat tensy die kontrak uitdruklik bepaal het in watter tipe geld die bedrag betaalbaar was, Dietrich ingevolge Wet 11 van 1870 verplig was om in papiergeld te betaal. Die hooggeregshof se bevel dat betaling in klinkende munt moet geskied, was dus ongegrond. Indien ’n mens aanneem dat Pretorius en Dietrich nie ooreengekom het op die tipe geld waarin terugbetaling moet geskied nie, moet die waarde van die bedrag bereken word op datum van terugbetaling (volgens Van Leeuwen hier bo). Indien ’n mens verder aanneem dat

die bedrag volgens die skuldbewys £100 was, beteken dit dat Dietrich se betaling van £100 in papiergeld (tesame met die rente daarop) nie voldoende was nie. Dit beteken ook dat Preller se tweede opinie, waar hy bevind het dat die skuld reeds vereffen was, nie korrek was nie.[104]

4.3 Gemeenregtelike bronverwysings in Dietrich se skrywe

Die twee verwysings in die skrywe van Dietrich van 25 Julie 1872[105] het betrekking op jurisdiksionele aangeleenthede. Dietrich het na die twee besluite[106] van die uitvoerende raad verwys waarin die voorsitter van die hooggeregshof verbied is om verdere stappe teen Dietrich te doen. Sy skrywes dui daarop dat hy beplan het om ’n regsaksie teen die voorsitter in te stel. Dietrich was egter onseker oor watter hof jurisdiksie in die voorgenome aksie gehad het.

Dietrich het vervolgens na die “Wetboek Van Leeuwen 5 Boek 13 deel §2” en na “Der Linden Pagne 200 3 Boek 1 Deel 1 afdeeling §1” verwys.[107] Hierdie verwysings was onderskeidelik na Simon van Leeuwen se *Het Roomsch Hollandsch recht*[108] en Joannes van der Linden se *Koopmans handboek*.[109] Soos reeds hier bo genoem, was beide hierdie werke grondwetlik as bindende gesag in die ZAR beskou.

Van der Linden se *Koopmans handboek* 3 1 handel oor siviele prosesreg (die voorgeskrewe prosedures in burgerlike aangeleenthede); die eerste afdeling daarvan oor die onderskeie regters en regbanke. Die aangehaalde teks in 3 1 1 1 meld dat die algemene reël in (siviele) aangeleenthede bepaal dat die eiser (“aanlegger”) die regter van die verweerder (“Gedaagden”) moet volg en dat ’n persoon iemand kan dagvaar slegs voor sy gewone, daaglikse en bevoegde regter. Die res van die teks in 3 1 1 1 verwys na die onderskeie laer howe in die Nederlande[110] en het dus nie direk betrekking op die posisie in die ZAR gehad nie.

Van Leeuwen se *Het Roomsch Hollandsch recht* 5 13 handel oor prosedurele vereistes vir dagvaarding en §2 bespreek die proses van dagvaardiging in die hoër en laer howe onderskeidelik. Die aangehaalde teks (5 13 2) meld dat staatsamptenare soos magistrate, offisiere en ander publieke persone in hul amptelike hoedanigheid gedagvaar moet word, nie voor hul daaglikse regter nie, maar wel voor die Hof van Holland.[111]

Volgens Van der Linden is die algemene reël dus dat ’n verweerder in die laer howe gedagvaar moet word. Hierdie reël word gekwalifiseer deur Van Leeuwen, wat ’n uitsondering maak in die geval van die dagvaarding van staatsamptenare. Dit beteken dat indien Dietrich die voorsitter van die hooggeregshof in sy amptelike hoedanigheid wou dagvaar, hy die hooggeregshof moes nader. Ingevolge die 1858-Grondwet was die hooggeregshof van die ZAR egter slegs ’n hof van appèl in siviele aangeleenthede.[112] Dit is verder begryplik dat Dietrich bedenkinge gehad het oor die kanse op sukses van so ’n aksie; hy was waarskynlik bekommerd oor die moontlike botsing van belange indien die voorsitter deur sy eie kollegas verhoor moes word. Die feit dat daar geen verdere sprake van so ’n aksie teen die voorsitter (Skinner) was nie, impliseer dat Dietrich (om watter rede ook al) die aangeleentheid laat vaar het, of dat die dispuut buite die hof geskik is.

5. Gevolgtrekking

Wat andersins ’n heel alledaagse dispuut oor die betaling van uitstaande skuld sou gewees het, het egter gelei tot interessante regsvrae in die konteks van die ekonomiese en politieke agtergrond van die ZAR. Daar ontstaan ook ’n aantal verdere vrae wat nie in hierdie bydrae behandel word nie en hopelik in die toekoms aandag sal geniet.[113] Die gebrek aan destydse beskikbare gesagsbronne het die situasie verder bemoeilik, tot regsonsekerheid gelei, en verskeie amptenare by die dispuut betrek. Nasionalisme en emosionele gehegtheid aan ’n eie geldeenheid, ten spyte van die tekortkominge daarvan, het ook gelei tot inmenging deur die staat

in die verloop van ’n regsproses. Voorts is die onbeskikbaarheid van die hofdokumentasie en die onsekerheid oor die feite van die dispuut frustrerend omdat dit sekere vrae onbeantwoord laat. Ten spyte hiervan, of miskien juis as gevolg van hierdie faktore, illustreer hierdie dispuut die tydloosheid van sekere belangrike aspekte, soos die onafhanklikheid van die regbank, die belang van ’n stabiele geldeenheid en die impak van menslikheid in andersins suiwer regsaangeleenthede.

Bibliografie

Andrews, T. en J. Ploeger. 1989. *Straat- en plekname van ou-Pretoria*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Arndt, E.H.D. 1928. *Banking and currency development in South Africa (1652–1927) with an appendix on the rise of savings banking in South Africa*. Kaapstad, Johannesburg: Juta.

Barclays Bank. s.j. *Geldsake van gister. Enige feite oor Suid-Afrika se oudtydse munt en bankwese*. Pretoria: Barclays Bank.

Becklake, J.T. s.j. *From real to rand. The story of money, medals and mints in South Africa*. Suid-Afrika: Central News Agency.

Bergman, W. 1971. *A history of the regular and emergency paper money issues of South Africa*. Kaapstad: Derek Butcher en Kie.

Beyers, C.J. en J.L. Basson (reds.). 1987. *Dictionary of South African biography*. Deel V. Pretoria: RGN.

Breytenbach, J.H. (red.). s.j. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 2. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) Deel II (1851–1853)*. Parow: Cape Times. [Verwysings is na Breytenbach Deel II]

—. s.j. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 3. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) Deel III (1854–1858)*. Parow: Cape Times. [Verwysings is na Breytenbach Deel III]

—. s.j. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 4. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) Deel IV (1859–1863)*. Parow: Cape Times. [Verwysings is na Breytenbach Deel IV]

—. s.j. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 6. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) Deel VI (1866–1867)*. Parow: Cape Times. [Verwysings is na Breytenbach Deel VI]

Breytenbach, J.H. en D.C. Joubert (reds.). s.j. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 5. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby) Deel V (1864–1866).* Parow: Cape Times. [Verwysings is na Breytenbach en Joubert Deel V]

Coetzee, N.A. 1997. *Die geskiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840 tot 1940*. Pretoria: N.A. Coetzee.

De Groot, H. 1903. *Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleertheyd* (vertaling Maasdorp, A.F.S. *The Introduction to Dutch Jurisprudence of Hugo Grotius with an appendix containing selections from the notes of William Schorer*). Kaapstad, Port Elizabeth, Grahamstad, King William’s Town, Oos-Londen, Stellenbosch, Johannesburg: Juta.

De Kock, W.J. (red.). 1976. *Dictionary of South African biography*. Deel I. Kaapstad: Tafelberg vir die RGN.

Du Plessis, J.S. 1993. *The South African Republic*. In Muller (red.) 1993.

Eybers, G.W. 1918. *Select constitutional documents illustrating South African history 1795–1910*. Londen: George Routledge en Seuns.

Groenewegen van der Made, S. 1975. *Tractatus de legibus abrogatis et inusitatis in Hollandia vicinisque regionibus* (vertaling Beinart, B. *A treatise on the laws abrogated and no longer in use in Holland and neighbouring regions*). Vol. 2. Deel 2. Digesta van Justinianus. Doornfontein: Lex Patria.

Hahlo, H.R. en E. Kahn (reds.). 1960. *The union of South Africa. The development of its laws and constitution*. Kaapstad: Juta.

Jenkins, G. s.j. *A century of history: The story of Potchefstroom*. Potchefstroom: The Potchefstroom Herald.

Jeppe, F. en J.G. Kotzé. 1887. *De locale wetten der Zuid Afrikaansche Republiek. 1849-1885*. Pretoria: J.F. Celliers.

Joubert, D.C. (red.). 1966. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 7. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (met bylaes) Deel VII (1867–1868)*. Kaapstad: Publikasie-afdeling van die kantoor van die Direkteur van Argiewe. [Verwysings is na Joubert Deel VII]

—. 1989. *Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no. 8. Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (met bylaes) Deel VIII (1868–1869)*. Pretoria: Die Staatsdrukker. [Verwysings is na Joubert Deel VIII]

Kotze, J. s.j. *Biographical memoirs and reminiscences*. Kaapstad: Maskew Miller. [Verwysings is na Kotze Vol. 1]

Kotzé, J.G. s.j. *Memoirs and reminiscences*. Kaapstad: Maskew Miller. [Verwysings is na Kotzé Vol. 2]

Krüger, D.W. en C.J. Beyers (reds.). 1977. *Dictionary of South African biography*. Deel III. Kaapstad: Tafelberg vir die RGN.

Maasdorp, A.F.S. 1978. *Maasdorp's Institutes of South African law.* Vol. 3. *The law of contracts* (geredigeer en hersien deur Hall, C.G.). 9de uitgawe. Kaapstad, Wetton, Johannesburg: Juta.

Malan, F.R., A.N. Oelofse, W. le R. de Vos e.a. 1986. *Provisional sentence on bills of exchange, cheques and promissory notes*. Durban: Butterworths.

Muller, C.F.J. (red.). 1993. *Five hundred years: A history of South Africa*. Pretoria: Academica.

Nieuwoudt, C.F. 1964. *Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek*. Kaapstad: HAUM.

Pelser, A.N. en N. Prinsloo (reds.). s.j. *Die Rustenburgse eeufees gedenkboek 1851–1951*. Johannesburg: Hortors.

Pelzer, A.N. s.j. Die oudste geskiedenis van Rustenburg. In Pelser en Prinsloo (reds.) s.j.

—. 1950. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel I: Wordingsjare*. Kaapstad, Amsterdam: A.A. Balkema.

Prinsloo, N. s.j. Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Rustenburg gedurende die afgelope eeu. In Pelser en Prinsloo (reds.) s.j.

Roberts, A.A. 1942. *A South African legal bibliography*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, Hiddingh-Currie Publikasie Fonds, Departement van Justisie.

Rosenthal, E. 1968. *From barter to Barclays. Some facts about Southern Africa's old-time coins and banks*. Johannesburg: Barclays Bank.

Shaw, E.M. 1956. *A history of currency in South Africa.* Gids nr. 5. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Museum.

Smithers, E. 1935. *March hare: The autobiography of Elsa Smithers*. Londen: Oxford University Press.

Stuart, J. 1854. *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika*. Amsterdam: G.W. Tielkemeijer.

The South African Vigilance Committee. 1900. *Paul Kruger and the Transvaal judiciary: His violations of the Constitution, and his destruction of the independence of the high court of the Transvaal*. Vigilance papers no. 3. Kaapstad: The South African Vigilance Committee.

Theal, G.M. 1908. *History of South Africa since September 1795.* Vol. 4. Londen: Swan Sonnenschein.

—. 1919. *History of South Africa from 1873 to 1884. Twelve eventful years*. Vol. 1. Londen: George Allen en Unwin.

Van den Bergh, G.N. 1957. Die polisiediens in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1881. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Van der Keessel, D.G. 1855. *Theses selectae juris Hollandici et Zelandici ad supplendam Hugonis Grotii introductionem ad jurisprudentiam Hollandicam et definiendas celebriores juris Hollandici controversias in usum auditorium evulgatae* (vertaling Lorenz, C.A. *Select theses on the laws of Holland and Zeeland, being a commentary on Hugo Grotius' Introduction to Dutch jurisprudence* ...). Londen: Edward Stanford.

Van der Linden, J. 1806. *Regtsgeleerd, practicaal, en koopmans handboek; ten dienste van regters, practizijns, kooplieden, en allen, die een algemeen overzicht van regtskennis verlangen*. Amsterdam: Johannes Allart.

Van der Westhuizen, J.V. en D. van der Merwe. 1977. Die geskiedenis van die regspleging in Transvaal (1877–1910). *De Jure*, 10:237–60.

Van Leeuwen, S. 1783. *Het Roomsch-Hollandsch-Recht*; *... op nieuws overgezien, en met aanteekeningen uitgebreid door Mr. Cornelis Willem Decker, advocaat en notaris*. Deel 2. Amsterdam: Jan ten Houten en Zoon.

—. 1886. *Het Roomsch-Hollandsch-Recht* (hersien en geredigeer deur Decker, C.W. en vertaling Kotzé, J.G. *Simon van Leeuwen's commentaries on Roman-Dutch law*). Vol. 2. Londen: Stevens en Haynes.

—. 1902. *Censura Forensis* (vertaling Barber, S.H. en W.A. Macfayden. *Simon van Leeuwen's Censura forensis*). Deel 1. Boek 4. Kaapstad, Port Elizabeth, Grahamstad, King William's Town, Oos-Londen, Stellenbosch, Johannesburg: Juta.

Van Niekerk, J.P. 2013. An introduction to South African law reports and reporters, 1828 to 1910. *Fundamina*, 19(1):106–45.

Van Zyl, D.H. 1983. *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg*. Durban: Butterworth.

Venter, P.J. 1940. Landdros en Heemrade (1682–1827). *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 3(2):i—242.

Verlohren, H.A., F. Verloren en M. Barthold (reds.). 1910. *Stammregister und Chronik der Kur- und Königlich Sächsischen Armee von 1670 bis zum Beginn des zwanzigsten Jahrhunderts*. Leipzig: C. Beck.

Visagie, G.G. 1969. *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806*. Kaapstad, Wynberg, Johannesburg: Juta.

Voet, J. 1955. *Commentarius ad Pandectas* (vertaling Gane, P. *The selective Voet being the Commentary on the Pandects*. Vol. 2). Durban: Butterworth.

Wildenboer, L. 2013. Schoemansdal: Law and justice on the frontier. *Fundamina*, 19(2):441–62.

Zimmermann, R. 1996. *The law of obligations. Roman foundations of the civilian tradition*. Oxford: Oxford University Press.

Argivale bronne (Transvaalse Argiefbewaarplek: Die bronne word chronologies gelys.)

SS140 R117/72. Landdros, Rustenburg aan staatsekretaris, 12 Januarie 1872.

SS140 R115/72. Staatsprokureur aan waarnemende staatspresident, 23 Januarie 1872.

SS144 R718/72. Meintjes aan fungerende staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 3 Junie 1872.

SS144 R732/72. Meintjes aan fungerende staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 5 Junie 1872.

SP1 SPR121/72. Fungerende staatspresident aan staatsprokureur, 5 Junie 1872.

SS144 R733/72. Staatsprokureur aan waarnemende staatspresident, 5 Junie 1872.

SS145 R798/72. Dietrich aan fungerende staatsprokureur en lede van die Uitvoerende Raad, 24 Junie 1872.

SS145 R853/72. Voorsitter van die hooggeregshof, Rustenburg aan staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 5 Julie 1872. Hierdie bron bevat ook verskeie aanhangsels.

SS146 R984/72. Dietrich aan staatsekretaris, 25 Julie 1872.

Staats Courant: ZAR *(Die koerante word chronologies gelys.)*

Staats Courant 346 van 4 Oktober 1870.

Staats Courant 347 van 11 Oktober 1870.

Staats Courant 348 van 18 Oktober 1870.

Staats Courant 349 van 25 Oktober 1870.

Staats Courant 410 van 27 Februarie 1872.

Staats Courant 424 van 4 Junie 1872.

Staats Courant 425 van 11 Junie 1872.

Staats Courant 428 van 2 Julie 1872.

Staats Courant 437 van 3 September 1872.

Staats Courant 446 van 5 November 1872.

Eindnotas

1) Hierdie bydrae sou nie moontlik gewees het sonder die hulp en ondersteuning van ’n aantal persone nie en ons bedank hulle graag by name. Eerstens, groot dank aan Linde Dietrich vir haar onontbeerlike hulp met die transkripsie en vertaling van die argivale bronne. Opregte dank aan prof. G.J. van Niekerk (Departement Jurisprudensie, Universiteit van Suid-Afrika) en prof. Heinrich Schultze (Departement Handelsreg, Universiteit van Suid-Afrika) vir die kritiese lees van vroeër weergawes hiervan en vir hul kommentaar en voorstelle. ’n Besondere woord van dank ook aan mnr. Arnold Wentzel (lektor in die Departement Opvoedingswetenskappe en Kurrikulumstudies, Universiteit van Johannesburg; voorheen senior lektor in die Departement Ekonometrie en Ekonomie, Universiteit van Johannesburg) vir sy insette en sy advies m.b.t. die ekonomiese aspekte. Laastens ’n woord van dank aan mev. Zandri van der Westhuizen vir haar tyd en bystand tydens ’n uiters interessante oggend se navorsing by die Pretoriase Aktekantoor.

2) Du Plessis (1993:262).

3) Pelzer (1950:84).

4) Stuart (1854:216); Bergman (1971:3); Jenkins (s.j.:54) (wat spesifiek verwys na die situasie in 1867 en 1868); Du Plessis (1993:262) (wat meld dat geld vier jaar later steeds skaars was tydens die inswering van staatspresident Burgers in Julie 1872).

5) Arndt (1928:94).

6) Stuart (1854:216). Een riksdaalder was agt schellings werd, en een schelling ses stuiwers.

7) Stuart (1854:216); Rosenthal (1968:24); *contra* Pelzer (1950:22–3); Barclays Bank (s.j.:24).

8) Sien bv. GK 949 *Staats Courant* 437 van 3 Sep. 1872 vir ’n beroep deur die staatspresident op alle burgers van die Republiek om vrywillig tot die aankoop van kanonne, vuurwapens en ammunisie by te dra. Die versoek sê voorts: “[d]aar reeds vele Burgers met bereidwilligheid hebben bygedragen, verwacht de president Vaderlands liefde van allen, dat zy de Regering in staat zullen stellen het land behoorlykte Wapenen.” Hierdie beroep het egter uitdruklik om geldelike bydraes gevra. Sien ook Barclays Bank (s.j.:25); Arndt (1928:94).

9) Pelzer (1950:101, 169). Om kollektiewe arbeid verder aan te moedig, is vrywilligers soms beloon met die toekenning van grond of sekere regte, terwyl dié wat nie kon of wou bydra nie, met boetes gedreig is (Pelzer 1950:101–3).

10) Pelzer (1950:170). Sien bv. artt. 188(j), 196–199 en 205 van die 1858-Grondwet wat na *belasting* of *belastingen* verwys. Die landsburgers wat voldoen het aan die vereistes om kommandodiens te doen maar om persoonlike redes kwytskelding ontvang het, was egter verplig om verdere *bijdragen* te lewer – sien artt. 116–8 van die 1858-Grondwet. Alle verwysings na die 1858-Grondwet is na die Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek (Feb. 1858) soos vervat in Eybers (1918:362–410, No. 182).

11) Bergman (1871:3). Shaw (1956:19) meld dat die pond sterling eers ná 1868 uitsluitlik gebruik is.

12) Arndt (1928:101). Dit verklaar ook waarom die 1865-uitgifte in denominasies van riksdaalders gedruk is (sien nota 19 hier onder).

13) O.a. deur die verkoop van staatsgrond (sien bv. GK 852 *Staats Courant* 425 van 11 Jun. 1872 wat ’n aantal plase aanbied vir verkoping “tot uitwisseling der Gouvernements Noten”); die verlening van pagregte op die soutpanne; die ontginning van grondstowwe en minerale; die regulasie van die handel in kruit en ammunisie; die opbrengs uit die jagbedryf; en geldlenings teen vasgestelde rentekoerse (Theal 1919:248). ’n Minder konvensionele inkomste was afkomstig uit die boetes wat betaalbaar was deur persone wat skuldig bevind is aan laster (art. 19 van die Drie en Dertig Artikels van 1844 soos vervat in Eybers (1918:349–56, No. 174); sien ook Pelzer (1950:84–5). Sien oor die algemeen Pelzer (1950:84–97 en spesifiek 84–5). Sien verder ook art. 188 van die 1858-Grondwet wat 10 staatsinkomstebronne lys.

14) Pelzer (1950:180).

15) Arndt (1928:96).

16) Pelzer (1950:97). Hierdie versoek is egter deur die Volksraad afgekeur: VR-sitting 14 Jun. 1855, art. 106 in Breytenbach Deel III:66. Vir ’n afskrif van die memorie sien 1855, Bylaag 4 in Breytenbach Deel III:286–8.

17) Pelzer (1950:97); VR-sitting 9 Sep. 1857, art. 5 in Breytenbach Deel III:151. Sien ook Arndt (1928:95).

18) Pelzer (1950:98); VR-sitting 12 Jul. 1858, art. 12 in Breytenbach Deel III:188.

19) VR-sitting 9 Jun. 1865, art. 32 in Breytenbach en Joubert Deel V:78–9; Theal (1908:163); Shaw (1956:19). Die 1865-uitgifte was in denominasies van riksdaalders vir ’n totale bedrag van Rds.140 000 met 105 plase as sekuriteit. Die note sou geldig wees vir 18 maande en rente dra teen 6% per jaar (Arndt 1928:100–1). ’n Vb. van ’n 10 Rds.-papiernoot van die 1865-uitgifte verskyn as figuur 103 van die fotoweergawes in die middel van die boek in Shaw (1956). Die papiergeld moes ook die problematiese Mandaten vervang wat vanaf 1857 deur die regering en ná Oktober 1863 ook deur landdroste uitgegee is. Omdat daar nie behoorlik boek gehou is van die uitgawe van Mandaten nie, was dit bykans onmoontlik om die staatskuld te bereken. In 1864 het die prokureur-generaal die opinie uitgespreek dat Mandaten as betaalmiddel in slegs twee gevalle afgedwing kon word, nl. in betalings aan die staat en in hofbevele m.b.t. die vereffening van skuld (VR-sitting 30 Sep. 1864, art. 144 in Breytenbach en Joubert Deel V:54–5; Arndt 1928:97 vn. 8). Vir meer oor die Mandaten en ander papiergebaseerde uitgawes, soos die sg. kerkgeld, sien Arndt (1928:96–100).

20) Theal (1908:221); Arndt (1928:102); Shaw (1956:19). Die 1866-uitgifte was in denominasies van pond sterling en vir ’n totale bedrag van £12 000 met ’n addisionele 140 plase as sekuriteit. Hierdie note sou geldig wees vir 5 jaar en geen rente dra nie. ’n Voorbeeld van ’n £1-papiernoot van die 1866-uitgifte verskyn as figuur 104 van die fotoweergawes in die middel van die boek in Shaw (1956).

21) VR-sitting 24–5 Mei 1867, artt. 42–5, in Breytenbach Deel VI:88–9; Theal (1908:222); Arndt (1928:103); Shaw (1956:19). Die 1867-uitgifte was in denominasies van pond sterling en vir ’n totale bedrag van £20 000 met nog 300 plase as sekuriteit. ’n Vb. van ’n afskrif van ’n 5 shilling-papiernoot van die 1867-uitgawe verskyn in Bergman (1971:37).

22) Bergman (1971:4); Theal (1908:226); Arndt (1928:105-6); Shaw (1956:19). Die 1868-uitgifte was in denominasies van pond sterling en vir ’n totale bedrag van £45 000 met 1 000 plase as sekuriteit. ’n Vb. van ’n afskrif van ’n £1-papiernoot van die 1868-uitgawe, asook ’n afskrif van ’n sg. “Goed voor” gedruk in 1869, verskyn in Bergman (1971:38, 39) onderskeidelik. Die “goed voors” van die vierde uitgawe is, anders as al die ander uitgifte, wat op papier gedruk

is, op karton gedruk (sien Bergman 1971:4).

23) Theal (1908:238); Arndt (1928:109); Shaw (1956:20). Die 1870-uitgifte was in denominasies van pond sterling en vir ’n totale bedrag van £77 000 met 1 000 plase as sekuriteit. Die nuwe note sou alle vorige papiergeld vervang en vir 10 jaar geldig wees. Die regering het spesifieke reëlings getref vir die vervanging van die ou note deur nuwe note: sien bv. Ord. 3 van 1871 in *Staats Courant* 410 van 27 Februarie 1972 insake “de uitwisseling der Nieuwe Gouvernements Noten in de Z.A. Republiek”. Vbe. van ’n afskrif van ’n sg. “little note” (met sigwaarde van 5 shillings) en ’n £1-noot van die vyfde uitgawe, beide in 1872 gedruk, verskyn in Bergman (1971:39, 40) onderskeidelik. In teenstelling met die vorige vier uitgifte is die note van die vyfde uitgawe nie plaaslik gedruk nie, maar wel in Engeland en was die kwaliteit van hierdie papiergeld aansienlik beter. Behalwe die “little notes” van die vyfde uitgawe, waarop die staatspresident se handtekening gedruk was, moes alle note individueel deur die staatspresident onderteken word (Bergman 1971:3–4). ’n Latere volksraadsbesluit het bepaal dat die nuwe papiergeld met sigwaarde van minder as 10 shillings ook as wettige betaalmiddel beskou word mits dit die handtekening van een van die lede van die Note Kommissie sou dra (VR-sitting 28 Nov. 1871, art. 377 in Jeppe en Kotzé 1887:452).

24) Sien in die algemeen Arndt (1928:100–16).

25) *Harry Escombe v Henderson & Scott* 1872 NLR 107; Theal (1908:238); Arndt (1928:102, 108).

26) Du Plessis (1993:294); Arndt (1928:102–3).

27) Art. 15 van die Aanspraak van die staatspresident by die VR-sitting 14 Sep. 1868 soos gepubliseer as Bylae 3, 1868/69 in Joubert Deel VIII:107–11 op 109–10. Sien ook Arndt (1928:106–7).

28) VR-sitting 18 Jun. 1870, art. 186 soos gepubliseer in die *Staats Courant* op dieselfde dag; Arndt (1928:110). Die kommissie, o.l.v. A.I. Munnich, het ook verskeie voorstelle gemaak ten einde die staatskuld te verminder; al hierdie voorstelle is aanvaar en mettertyd geïmplementeer en was die volgende: (1) dat die inruiling van papiergeld volgens wet gereguleer moet word (dit is gereguleer deur Wet 7 van 1871 – sien nota 32 hier onder); (2) dat papiergeld in die vervolg op goeie-kwaliteit-papier gedruk moet word (hieraan is ook gehoor gegee en die vyfde uitgifte is op beter papier en in die buiteland gedruk – sien nota 23 hier bo); (3) dat behoorlike verbandaktes oor die grond wat as sekuriteit vir die papiergeld dien, geregistreer moet word (sien nota 33 hier onder t.a.v. die maatreëls vir die verkoop van die plase); (4) dat die beperkings op vrye handel opgehef moet word (art. 12 van Wet 11 van 1870 het die 1866-Volksraadsbesluit uitdruklik herroep – sien die teks tot nota 30 hier bo. Dis indrukwekkend hoe vinnig die volksraad op hierdie voorstel gereageer het: Wet 11 van 1870 is binne vyf dae (op 23 Jun.) ná die VR-sitting van 18 Jun. gefinaliseer, alhoewel die wet eers op 12 Jul. in werking getree het); en (5) dat ’n addisionele hoofbelasting vir ’n tydperk van een jaar ingestel moet word (sien nota 34 hier onder).

29) VR-sitting 28 Sep. 1866, art. 257 in Breytenbach Deel IV:26; Arndt (1928:103 vn. 16); Theal (1908:221). Sien ook die berig in die *Transvaal Argus* van 11 Aug. 1868 (nie 8 Aug. 1868 soos Jenkins s.j.:54 aandui nie) waarvolgens lede van die publiek gedwing is om papiergeld vir minder as ’n derde van die waarde daarvan te aanvaar. Sien verder nota 30 hier onder.

30) Artikel 3 van Wet 11 van 1870 het bepaal dat alle nuwe note voortaan wettige tender sou wees vir die betaling van alle skulde binne die ZAR aangegaan ná datum van promulgasie (nl. 12 Jul. 1870 volgens Arndt 1928:111) *tensy die partye tot die transaksie anders ooreengekom het*. Dit beteken dat handelaars teoreties dus nou kontrakteervryheid behou het en die betaalmiddel kon spesifiseer. Skulde wat in die buiteland aangegaan is, moes in die munt van daardie land betaal word of in die waarde daarvan volgens die markprys van die note. ’n Volksraadsbesluit van 3 Okt. 1871 het die toepassing van hierdie bepaling uitgebrei na alle

amptelike note wat steeds in omloop was (VR-sitting 3 Okt. 1871, art. 144 in Jeppe en Kotzé 1887:422).

31) Artt. 1, 4, 9, 10 en 11 van Wet 11 van 1870.

32) Die note kon óf persoonlik (art. 1 van Wet 7 van 1871) óf per pos (art. 2) by die kantore van die tesourier-generaal ingeruil word. Diegene wat die note per pos versend het, het die risiko gedra vir note wat verlore gegaan het (art. 3).

33) Hierdie maatreëls het ingesluit dat daar jaarliks reserwepryse vir die plase vasgestel sou word en ook dat daar ’n beperking sou wees op die aantal plase wat jaarliks verkoop sou word. Sien Arndt (1928:106) vir meer besonderhede oor hierdie maatreëls.

34) Arndt (1928:110).

35) *Staats Courant* 346 van 4 Okt. 1870; *Staats Courant* 347 van 11 Okt. 1870; *Staats Courant* 348 van 18 Okt. 1870; *Staats Courant* 349 van 25 Okt. 1870; sien ook Arndt (1928:112).

36) Arndt (1928:113). ’n 1872-advertensie vir die openbare verkoop van onroerende en roerende eiendom uit ’n bestorwe boedel het selfs gesê dat daar geen “onderscheid meer tusschen NOTEN of HARD-GELD” was nie (*Staats Courant* 446 van 5 Nov. 1872). Dié bewering was waarskynlik eerder verkoopspraatjies as ’n weerspieëling van die werklikheid.

37) Sien ook Arndt (1928:114). Die inruiling kon persoonlik by die kantoor van die tesourier-generaal gedoen word, of per pos gestuur word mits dit vergesel was van ’n nommerlys van die ingeslote note (artt. 1, 2, 3 Wet 3 van 1873). Die note wat nie binne een jaar ingeruil was nie, sou verval (art. 7 Wet 3 van 1873).

38) Wet 2 van 1873 het voorsiening gemaak vir die afbetaling van die lening teen £3 000 op die eerste dag van Januarie jaarliks. Verder het die wet ook voorsiening gemaak vir ’n drieman-kommissie (*eene honoraire commissie*) wat tesame met die tesourier-generaal die delgingsfonds sou bestuur.

39) Arndt (1928:115).

40) Shaw (1956:200) meld dat die goud van die Lydenburgse goudvelde afkomstig was. Dit is waarskynlik ’n vergissing aangesien Burgers die goud waarskynlik verkry het tydens sy besoek aan die Pelgrimsrus-goudvelde in 1873 (Becklake s.j.:22).

41) Shaw (1956:20–1); Barclays Bank (s.j.:28–9); Rosenthal (1968:27); Becklake (s.j.:22–4). Die eerste munte op eie bodem is eers in die 1890’s in Pretoria gemunt. Vir meer besonderhede oor die munte van die ZAR in die algemeen, sien Becklake (s.j.:25–36); Shaw (1956:21–2); Rosenthal (1968:28–39); Barclays Bank (s.j.:29–35).

42) Arndt (1928:115–7) verwerp die argument dat die ZAR bankrot was ten tye van die Britse anneksasie. *Contra* Jenkins (s.j.:54).

43) Van Niekerk (2013:134–43).

44) In sommige korrespondensie ook na verwys as *Pistorius*.

45) Alhoewel sommige korrespondensie wisselvorme gebruik (*Maurits Dietrichs*, *M Dietrichs*, *Moritz Dietrichs*), volstaan ons met *Moritz Dietrich*, aangesien dit die naam is wat deur Dietrich verkies is en so aangedui word op dokumente wat deur hom persoonlik onderteken is (sien bv. TAB SS145 R798/72; TAB SS146 R984/72). Johann Moritz Dietrich is op 10 Jun. 1828 in (Neustadt) Dresden gebore en is in Jun. 1877 by Krugerspos in die ZAR oorlede. Tussen 1843 en 1847 het hy opleiding ontvang as ’n kadet by die Militär-Bildungs-Anstalt van die Königlich Sächsischen Armee, waarna hy op 1 Jan. 1848 aangestel is as ’n Portepee-Junker

in die 1e Linien-Infanterie-Regiment Prinz Albert by hul kwartiere in Zittau. Op 7 Sep. 1848 is hy bevorder tot luitenant in die 2tes Schützen-Batailon, III Infanterie-Brigade Prinz George in Leipzig. Op 10 Mei 1850 is hy bevorder tot Oberleutnant in die 4te Schützen-Batailon in Leipzig. In Des. 1860 is hy met Franziska Hendrietta Jeppe (gebore 7 Mrt. 1832 te Rostock, Mecklenburg-Schwerin) getroud. Die egpaar het ’n maand later na Suid-Afrika vertrek en in Apr. 1861 in Durban aangekom. In 1866 het Dietrich die plaas Morgenzon buite Rustenburg van Willem Francois Pretorius, die eiser *in casu* gekoop; die oordrag het op 28 Jan. 1867 deurgegaan. Daar blyk onsekerheid oor die grootte van die oorspronklike plaas te wees. Volgens Acte van Transport 1247/1875 was die plaas 2 000 morgen groot – wat herlei na 1 713,4 hektaar – sien http://www.convertunits.com/from/morgen+[South+Africa]/to/hectare (5 Aug. 2014 geraadpleeg). Dit verskil egter van Pape (aangehaal in Coetzee 1997:496) se inligting wat die grootte aandui as 3 600 akker – wat herlei na 1456,87 hektaar (sien http://www.imperialtometric.com/afrikaans/index.html#Area (5 Aug. 2014 geraadpleeg)).) In 1874 het Dietrich Morgenzon aan F. Zimmerman, H.C. Pentzhorn en H. Wenhold ten behoewe van die Morgenzon-skool verkoop en daarna na Pretoria verhuis, moontlik vanweë die litigasie teen Pretorius. In 1873 het die Dietrich-gesin na Mac Mac verhuis nadat goud daar ontdek is. Kort daarna is Dietrich aangestel as die eerste polisiekommissaris by die Lydenburgse Goudvelde. Hy en die goudkommissaris, Walter McDonald, het ongelukkig nie oor die weg gekom nie en in Okt. 1873 het Dietrich bedank ná ’n openbare uitval met McDonald. Daarna het hy die plaas Klipheuwel, wat tussen Lydenburg en Pelgrimsrus geleë is, gekoop en het hy en sy gesin hulle daar gevestig. In 1876, gedurende die Sekukhuni-oorlog, het die Dietrich-gesin by die laer op Krugerspos geskuil. Ná die Britse anneksasie van die ZAR in 1877 het Dietrich sy gesin na Pretoria gestuur met die bedoeling om later by hulle aan te sluit. Hy is egter onder geheimsinnige omstandighede in Jun. 1877 by Krugerspos oorlede (Smithers 1935:8–95; Verloren e.a. 1910:187; Van den Bergh 1957:72–4, 79–80, 83–5; hierdie inligting spruit ook voort uit Keith Dietrich se ongepubliseerde genealogiese navorsing wat hy in 2014 gedoen het).

46) Pieter (Petrus) Johannes van Staden is op 9 Aug. 1853 deur die volksraad aangestel en ingesweer as die landdros van Rustenburg (sien VR-sitting 9 Aug. 1853, artt. 40 en 41 in Breytenbach Deel II:143–4 ondersk.), alhoewel hy reeds sedert 1851 op verskeie geleenthede waargeneem het in hierdie amp. Vir meer oor die eerste jare en Van Staden se aanstelling, sien Pelzer (s.j.:4–5). In Sep. 1855 het die Volksraad klagtes van partydigheid en oortreding van sekere bepalings van die Drie en Dertig Artikels teen Van Staden ontvang en die aangeleentheid na ’n geregshof verwys (VR-sitting 15 Sep. 1855, art. 23 asook Bylaag 49, 1855 in Breytenbach Deel III:97, 367–70 onderskeidelik). Dit blyk dat Van Staden daarna ontslaan is of bedank het uit sy amp, want in Nov. 1855 is P.G.W. du Plessis (“Plesies”) aangestel as landdros van Rustenburg (VR-sitting 12 Nov. 1855, art. 26 in Breytenbach Deel III:109). Daar is geen rekord van Van Staden se heraanstelling nie, maar in Jul. 1863 het hy die volksraad versoek om ’n verhoging van sy amp as landdros van Rustenburg; die versoek is toegestaan (VR-sitting 21 Okt. 1863, art. 100 asook Bylaag 75, 1863 in Breytenbach Deel IV:210, 546 ondersk.). Van Staden het tot 1880 as landdros van Rustenburg gedien. Alhoewel hy dus tussen 1851 en 1880 as landdros van Rustenburg gewerk het, was hierdie tydperk onderbroke en is dit nie korrek dat hy vir ’n tydperk van 30 jaar as landdros opgetree het soos deur Prinsloo (s.j.:18) vermeld word nie. Kotzé vertel die volgende staaltjie oor Van Staden: hy (Van Staden) was ten gunste van die Britse anneksasie in 1877 omdat dit s.i. die enigste manier was om die ZAR van ondergang te red. Om sy ondersteuning te toon, het hy die vlag van die stad Londen, die enigste Engelse vlag tot sy beskikking, voor die landdroskantoor op Rustenburg gehys, ’n besluit wat hy later ná die herstel van die ZAR se onafhanklikheid in 1881 sou berou (sien Kotze Vol. 1:484–5).

47) Ingevolge art. 143 van die 1858-Grondwet het die hofstruktuur van die ZAR ten tye van die dispuut soos volg gefunksioneer: (1) “Een hof van den Landdrost”; (2) “Een hof van den

Landdrost, en 6 of ten minste 4 Heemraden"; (3) "En daarboven: Een hoog-geregtshof ... zamengesteld uit 3 Landdrosten en 12 gezworenen". Die eerste hof, ook bekend as die landdroshof, het siviele jurisdiksie tot 'n bedrag van 500 rijksdaalders vir eise, en 5 000 rijksdaalders vir eise o.g.v. skuldbewyse gehad; eise vir groter bedrae is deur die tweede hof, ook bekend as die hof van landdros en heemrade, aangehoor (art. 150). 'n Appèl teen 'n uitspraak van die landdroshof in 'n siviele aangeleentheid is aangehoor deur die hof van landdros en heemrade, en verdere appèl is deur die derde hof, ook bekend as die hooggeregshof, aangehoor (art. 151). Die strafjurisdiksie van al drie howe is in art. 163 omskryf. Sien ook Van Zyl (1983:462).

48) William Skinner is in 1828 in Canterbury, Engeland gebore. Hy het opleiding ontvang in die boubedryf en het kennis gedra van argitektuur en landmetery. Hy het in 1850 in Port Natal aangekom, waar hy Andries Pretorius in 1852 ontmoet het. Pretorius het hom oorreed om hom in die ZAR te vestig, omdat daar 'n behoefte aan kundiges in die boubedryf was. Skinner was o.a. betrokke by die bou van Andries Pretorius se huis op Grootplaas, asook die eerste kerk op die kerkplaas Elandspoort, die eerste skool, die eerste raadsaal en die eerste tronk in Pretoria. Teen 1867 was Skinner 'n welgestelde en vooraanstaande inwoner van Pretoria en is hy as die eerste Engelse landdros van Pretoria verkies – 'n amp wat hy tot in 1878 beklee het (*contra* Andrews en Ploeger 1989:59–60). Hy is beskryf as 'n "makgemaakte Engelsman" en het die steun van beide Boer en Brit geniet. In 1880 is hy as raadslid vir Pretoria verkies. Hy is op 15 Jun. 1885 in Pretoria oorlede. Skinnerstraat in Pretoria is na hom vernoem. Vir meer oor Skinner se lewe, sien Beyers en Basson (reds.) (1987:712–3); Andrews en Ploeger (1989:59–60). Aangaande Skinner se aanstelling as landdros van Pretoria, sien die versoek aan Skinner om sy ampseed af te lê: VR-sitting 2 Des. 1867, art. 228 asook 1867/68, Bylae 70 in Joubert Deel VII:72 en 213–4 ondersk.

49) TAB SS145 R853/72:par 8.

50) Die totale bedrag (£102.15) het bestaan uit die oorspronklike eisbedrag van £100 en die rente daarop. Dit blyk uit Skinner se lasbrief aan die balju van Rustenburg op 7 Jun. 1872 om eksekusieverkoping teen Dietrich te stop: sien die bylaag tot TAB SS145 R798/72. Die lasbrief verwys na "£100 en rente betaalbaar".

51) Dietrich het 'n maand later 'n tweede poging aangewend om sy uitstaande skuld in papiergeld te verreken en die volle bedrag by Skinner inbetaal, wat dit op 3 Okt. 1871 aan die landdros van Rustenburg oorhandig het; die geld is egter aan Skinner teruggestuur. Sien die afskrif van die skrywe van Skinner aan Wagner, 4 Des. 1871, as aanhangsel by TAB SS144 R732/72.

52) Sien die afskrif van die skrywe van Skinner aan Wagner, 4 Des. 1871, as aanhangsel by TAB SS144 R732/72.

53) J.G. Kotzé (sien nota 74 hier onder) was 'n vriend van John Wagner. Kotzé skryf die volgende oor Wagner in sy memoirs: "He had come up to the Transvaal in 1866 and settled down in Rustenburg, where he started a successful agency business, and married a sensible and amiable woman, the daughter of Mr. P. Bodenstein … My old friend had made a wise choice, and in his comfortable home at Rustenburg, surrounded by its pretty garden, for his wife was fond of flowers, he was plainly very happy" (Kotze Vol. 1:483–4).

54) Sien die afskrif van die skrywe van Skinner aan Wagner, 4 Des. 1871, as aanhangsel by TAB SS144 R732/72.

55) TAB SS140 R117/72. In die brief het Van Staden na sy vorige brief van 17 Nov. 1871 verwys waarop hy tot op daardie datum geen antwoord ontvang het nie.

56) Nicholaas Jacob Reinier Swart (1831–1892) is gebore in Amsterdam in Nederland

en het in 1849 in die Kaap aangekom. Tydens sy loopbaan het hy as onderwyser, teoloog, staatsamptenaar, stigterslid van die koerant *De Volksstem* en regsadviseur gewerk. Op 8 Nov. 1871 is hy as staatsekretaris van die ZAR aangestel. Daar is aanduidings dat hy bygedra het daartoe dat Burgers se reputasie as staatspresident getaan het en ’n rol by die latere Britse anneksasie in 1877 gespeel het. Vir meer oor Swart se lewe, sien De Kock (red.) (1976:782–3).

57) Nie veel is bekend oor Preller nie en dit is onseker of hy enige amptelike regsopleiding gehad het. Hy het as regspraktisyn in Pretoria gewerk en is ook in 1877 ’n ongewone regterskap deur staatspresident Burgers aangebied; Preller het egter die aanbod van die hand gewys. Preller is later verkies tot burgemeester van Pretoria. Sien Kotze Vol. 1:417, 746, 785.

58) TAB SS140 R115/72. Die opinie lui: “Dat nadat ik de zaak W.F. Pistorius vx. M. Dietrich naauwkeurig heb onderzocht, bevonden heb: 1. Da volgens mijne opinie de voorzitter van ieder Geregts hof de bevoegte person is, door [wien] het vonnis in dat Hof waarjih voorzitter van was [gereld], hem ten uitvoer moet gebracht wroden. 2. Dat in Appelzaken het vonnis van een hoger Hof, een nieuw vonnis is, en bij gevolg doordat Hof moet tenuitvoer worden gebracht, ingeval van bekrachtiging natuurlij metde kosten in het lagere Hof gemaakt. 3. Dat in de bewuste zaak het vonnis van de lagere Hoven bekrachtigd is, dat ter eersten Instantie het Hof van Landdrost Mr Dietrich veroordeeld heefd tot betaling aan Pistorius in ‘Klinkende munt, gangbaar in dit land’: welk vonnis uiteindelijk bekrachtigd is geworden door het Hoog-Gerechtshof en zonder twijfel als vonnis van dat Hof geëerbiedigd oet worden. Het is buiten de magt van den Uitvoerenden Raad eenige verandering daar in te maken, daar dit Hof als Hoogste resort uitspraak doet in civiele Zaken.” (Die blokhakies dui telkens teks aan wat onduidelik of onleesbaar is.) Aangesien hierdie ’n aanhaling uit ’n argivale bron is, moet die taal asseblief glad nie verander word nie.

59) Soos blyk uit TAB SS146 R984/72. Die advertensie in die *Staats Courant* beskryf die goedere meer volledig as “Een Tent-Wagen compleet, met trekgoed voor 10 Ossen, en Tien Trek-Ossen” (*Staats Courant* 424 van 4 Jun. 1872).

60) TAB SS145 R798/72.

61) *Staats Courant* 424 van 4 Jun. 1872.

62) Die datum van die baljuverkoping is ’n week later gekorrigeer en aangedui as 9 Julie 1872 soos per ’n erratum-kennisgewing in die *Staats Courant* 425 van 11 Jun. 1872.

63) Stephanus Jacobus Meintjes is in 1819 in Graaff-Reinet gebore, waar hy in later jare ’n bekende sakeman was. In 1858 is hy insolvent verklaar en vier jaar later het hy die Kaap onder ’n wolk verlaat. In 1864 het hy hom in Pretoria gevestig, waar hy in latere jare as regspraktisyn werksaam was ten spyte van die feit dat hy na bewering geen regsopleiding ontvang het nie. Meintjes was nie besonder gewild onder die Boere nie en is in 1867 fisies uit ’n verhoor in Schoemansdal verwyder waar hy as staatsprokureur waargeneem het (Wildenboer 2013:456–7). Interessant genoeg was Dietrich een van die memorialiste wat in Mei 1865 die uitvoerende raad versoek het dat Meintjes nie vir enige verdere ampte aanstelbaar mag wees nie (sien Bylaag 4, 1866 in Breytenbach Deel VI:94–5). Vir meer oor Meintjes se lewe, sien Krüger en Beyers (reds.) (1977:594–5); Wildenboer (2013:448–9 (spesifiek vn. 41), 456–7).

64) Nl. dat alle eksekusieverkope vir minstens 6 weke lank adverteer moet word. Sien TAB SS144 R732/72. Hierdie beswaar het waarskynlik verval met die regstelling van die oorspronklike advertensie en die wysiging van die datum van die verkoping na 9 Jul. (sien nota 62 hier bo).

65) TAB SS144 R732/72.

66) TAB SP1 SPR121/72. Ten tye van hierdie skrywe het Daniël Jacobus Erasmus (1830–

1913) waargeneem as staatspresident van die ZAR ná die bedanking van M.W. Pretorius a.g.v. die omstrede Keate-toekenning. Erasmus se ampstermyn het gestrek vanaf 21 Nov. 1871 tot 30 Jun. 1872. Erasmus is opgevolg deur T.F. Burgers, wat op 1 Jul. 1872 die ampseed as staatspresident afgelê het (*Staats Courant* 428 van 2 Jul. 1872). Vir meer oor Erasmus se lewe, sien De Kock (red.) (1976:279–80).

67) TAB SS144 R733/72. Die opinie lui: "In zake W.F. Pretorius vs. M. Dietrich is dienende, dat dit vonnis reeds is afgedaan door M. Dietrich volgens brief van den Voorzitter van het Hoog Geregtshof den W. EDd. Heer W. Skinner 4 Dec. 1871, en er dus geene executie op kan volgen voordat eene andere uitspraak of vonnis gevallen is, dar het vonnis van dat Hoog Geregts hof feitelijk afgedaan is door de betaling van de hoofdsom met de kosten. Dat dit vonnis zelfs wanneer het niet voldaan was, niet zoo [hen] uitvoer gebragt kan worden als de uitspraak van het Hoog Geregts hof is, alvoren deselve tot Liquiditeit gebragt was, vide vander Linden Boek I afd. 14§ 9 No 5. In andere hoven in dezer Republiek heeft men altijd in soortgelijke zaken bij de uitspraak een liquiditeit aan het vonnis gegeven, door [uit te wijzen] dat het bedrag in Hard of Engelse Geld betaald zal worden [ofde] waarde daarvan in Noten." (Die blokhakies dui telkens teks aan wat onduidelik of onleesbaar is.) Ten spyte van 'n grootskaalse soektog kon ons geen soortgelyke hofsake vind nie; dit is natuurlik moontlik dat enige bestaande dokumentasie mettertyd verlore geraak het juis vanweë die feit dat hofsake destyds nie gerapporteer is nie. Vir 'n bespreking van die aangehaalde teks van Van der Linden, sien nota 78 hier onder.

68) Uitvoerenderaadsbesluit 6 Jun. 1872, art. 106 soos vervat as bylaag 2 van TAB SS145 R853(5)/72 en ook as 'n bylaag by TAB SS146 984/72.

69) Afskrif van die lasbrief aan die balju van Rustenburg, 7 Jun. 1872, as aanhangsel by TAB SS145 R798/72.

70) TAB SS145 R798/72 en TAB SS146 R984/72 ondersk. Dit is interessant dat beide hierdie pleidooie persoonlik deur Dietrich onderteken is en dat daar geen melding gemaak word van sy prokureur, S.J. Meintjes, nie. Dit blyk dat Dietrich dus voortaan die aangeleentheid persoonlik sou behartig en moontlik sy prokureur se dienste beëindig het, waarskynlik weens Dietrich se verswakkende finansiële posisie, of omdat hy moedeloos was omdat die dispuut tot groot nadeel vir hom ná meer as 'n jaar nog steeds voortgesleep het. Die taalgebruik van beide skrywes en die verwysings na die Romeins-Hollandse gesag in die skrywe van 25 Jul. dui egter daarop dat Dietrich, tensy hy self bekend was met die reg en formulering van regsdokumente, steeds regsadvies ontvang het. Dit is natuurlik moontlik dat Meintjes steeds die skrywes dikteer het, en dat Dietrich dit dan onderteken het met die hoop dat 'n persoonlike beroep meer simpatie sou ontlok. 'n Verdere moontlikheid is dat Meintjes of Dietrich die skrywes deur 'n oorskrywer of skriba laat opteken het. 'n Lekevergelyking van die handskrifte van die onderskeie skrywes van 3 Jun. 1872 (TAB SS144 R718/72), 24 Jun. 1872 en 25 Jul. 1872 is nie deurslaggewend nie, alhoewel dit tog lyk asof laasgenoemde twee skrywes deur dieselfde persoon geskryf is.

71) Dit blyk dat die uitvoerende raad besluit het om nie verder in die dispuut in te meng nie. (Sien die aanhaling van die uitvoerenderaadsbesluit gedateer 13 Jul. 1872, art. 2b as naskrif by TAB SS146 R984/72, wat Dietrich daarop gewys het dat hy die howe moet nader indien hy verdere beskerming verlang. Die handskrif in hierdie dokument gebruik maak dit onmoontlik om met sekerheid te sê of die nommer van die uitvoerenderaadsbesluit art. 2b of art. 26 is. Ons kon ongelukkig geen ander weergawe van hierdie besluit opspoor nie, en moes ons dus verlaat op die weergawe soos vervat in TAB SS146 R984/72.) Sien ook nota 106 hier onder.

72) TAB SS140 R115/72.

73) Art. 2 van Bylaag 2 van die 1858-Grondwet (sien Eybers 1918:417–8, No. 185).

74) J.G. Kotzé is in 1877 aangestel as die eerste regter van die hooggeregshof, en later as hoofregter van die ZAR. Vir meer oor sy lewe, sien Van der Westhuizen en Van der Merwe (1977:250–3); De Kock (1976:438–41).

75) Die geskil het ontstaan n.a.v. die beslissing in *Brown v Leyds* (1897) 4 Off Rep 17. Vir meer oor die geskil tussen Kruger en Kotzé, sien Kotzé Vol. 2:xi–xliii; Van der Westhuizen en Van der Merwe (1977:253–7); The South African Vigilance Committee 1900, passim. Vir Kotzé se verklaring van die krisis, sien Bylaag 1 in Kotzé Vol. 2:265–95.

76) Sien nota 67 hier bo. Vir ’n bespreking van die totstandkoming van die uitvoerende gesag in die ZAR, asook die bevoegdhede van die uitvoerende raad ingevolge die 1858-Grondwet, sien in die algemeen Nieuwoudt 1964:137–55, asook 191–2 t.a.v. die verhouding tussen die uitvoerende gesag en die howe.

77) TAB SS144 R733/72. Vir ’n transkripsie van die opinie, sien nota 67 hier bo.

78) As gesag verwys hy na Van der Linden (1806:1 14 9 5). In hierdie teks meld Van der Linden dat geen eksekusie kan plaasvind waar die verbintenis ’n illikiede aanneming behels nie en word likiditeit verkry deur middel van ’n onderlinge ooreenkoms of ’n regterlike uitspraak wat taksasie kan insluit. Sien egter nota 91 hier onder vir ’n meer relevante teks van dieselfde skrywer. ’n Likiede dokument bevat ’n onvoorwaardelike erkenning of onderneming om ’n bepaalde bedrag in geld te betaal; likiditeit is ’n voorvereiste vir die verkryging van voorlopige vonnis. Voorlopige vonnis is ’n erkende regsterm Vir meer oor likiditeit en likiede dokumente in die moderne Suid-Afrikaanse reg, sien Malan, Oelofse, De Vos e.a. (1986:16–33).

79) Sien nota 50 hier bo.

80) Vir ’n beskrywing van *mutuum* i.t.v. die Romeinse reg, sien Zimmermann (1996:153–4). Vir ’n bespreking van die algemene gemeenregtelike beginsels van *mutuum*, sien Maasdorp (1978:78, 82–9).

81) Dit is onwaarskynlik dat die partye ’n afbetalingsooreenkoms gesluit het; Dietrich het immers reeds vyf jaar vroeër, in 1866, die plaas Morgenzon van Pretorius gekoop (sien nota 45 hier bo) en dit is onwaarskynlik dat Dietrich so lank daarna nog nie die koopbedrag ten volle sou betaal het nie.

82) Maasdorp (1978:83–4); Voet (1955:12 1 23, wat ook twee uitsonderings noem, nl. tensy die partye uitdruklik andersins ooreengekom het of indien die uitlener skade sou ly; Van Leeuwen (1886:1 4 6 2); Van Leeuwen (1902:1 4 32 12).

83) Vir die Drie en Dertig Artikels van 1844, sien Eybers (1918:349–56, No. 174). Art. 31 lui: “In alle gevallen waarin deze wetten tekort mogten komen zal de Hollandsche wet tot basis verstrekken, doch op eene gematigde stijlvorm en overeenkomstig van het costuum van Zuid Afrika en tot nut en welvaart van de maatschappij.”

84) Vir die omskrywing van die Hollandsche Wet, sien artt. 1 en 2 van Bylaag 1 van die 1858-Grondwet (Eybers 1918:416–7, No. 184). Dit is belangrik om daarop te let dat die Drie en Dertig Artikels eers amptelik in 1901 herroep is en dus steeds ’n belangrike invloed op die ZAR se regstelsel tot aan die einde van die 19de eeu gehad het (Eybers 1918:349 vn. 1).

85) Meintjes het waarskynlik hierdie wet in gedagte gehad toe hy daarop gewys het dat Dietrich ten spyte van bestaande wetgewing beveel is om die betaling in klinkende munt te maak (sien TAB SS144 R718/72). Art. 3 verwys spesifiek na die nuwe note, maar aangesien art. 1 van dieselfde wet bepaal dat alle note wat voorheen in sirkulasie was, omgeruil moet word vir die nuwe note, kan ’n mens aanneem dat die verweerder nie in ou note betaal het nie. Indien hy egter wel in ou note betaal het, sou die eiser die verweer kon geopper het dat die ou note nie ’n wettige betaalmiddel daargestel het nie. Sien ook nota 30 hier bo.

86) *Harry Escombe v Henderson & Scott* 1872 NLR 107.

87) 110.

88) 109.

89) 108. Indien dit wel die gebruik was, was dit in stryd met Wet 11 van 1870, wat uitdruklik bepaal het dat die papiergeld vir álle transaksies aangewend kon word (sien nota 30 hier bo).

90) Dit is belangrik om daarop te let dat die gemeenregtelike skrywers wat hier bespreek word, nie een na papiergeld verwys het nie, maar slegs die posisie t.a.v. die waardevermindering van muntstukke uiteengesit het. Vir doeleindes van hierdie bydrae word egter aangeneem dat dieselfde regsbeginsels ook van toepassing is op papiergeld.

91) Van der Linden (1806:1 15 2). Elders in dieselfde teks verwys Van der Linden na die "te rug gave van eene gelijke geldsomme, of van eene gelijke hoeveelheid van die zelfde zoort van zaken". Dit is 'n aanhaling.

92) Van Leeuwen (1886:1 4 6 2).

93) Van Leeuwen (1902:1 4 32 12). *Censura Forensis* was nie een van die bindende gesagsbronne Ons oorspronklike bewoording was "in terme van", Of verander dit na ingevolge. die 1858-Grondwet nie. Die rede hiervoor kan wees dat *Censura forensis* slegs in Latyn beskikbaar was; die eerste vertaling daarvan het in 1883 verskyn (sien Roberts 1942:184–5).

94) De Groot (1903:3 10 7).

95) De Groot (1903:3 10 7 vn. 18 232).

96) Voet (1955:12 1 23).

97) Voet (1955:12 1 24); *Barry Colne & Co (Transvaal) Ltd v Jackson's Ltd* 1922 CPD 372, 376. Voet gee die eietydse voorbeeld van die silwermunte, genaamd *schellings*, wat vir 'n lang tyd in die Nederlande as gelykwaardig aan ses stuiwers gesirkuleer het, ten spyte daarvan dat die latere munte nie dieselfde intrinsieke waarde gehad het as dié wat in vroeër jare gemunt is nie. Hierdie posisie het tot die voordeel van skuldenaars en geldleners gestrek totdat die waarde van die munte amptelik deur die owerhede verminder is.

98) Van der Keessel (1855:621); *Barry Colne & Co (Transvaal) Ltd v Jackson's Ltd* 1922 CPD 372, 378.

99) Groenewegen van der Made (1975, *ad* D 46 3 99).

100) Gane se vertaling van Voet se *Commentarius ad Pandectas* het eers in 1955 verskyn. Daar was egter vroeëre Engelse vertalings van gedeeltes van die werk, waarvan die vroegste, deur sir R.K. Wilson, tot 1876 dateer, dus vier jaar ná die onderhawige dispuut (Roberts 1942:317–22). Die eerste Engelse vertalings van Groenewegen se *Tractatus* het eers in die 19de eeu verskyn (Roberts 1942:137). Vir inligting oor die vertaling van Van Leeuwen se *Censura forensis*, sien nota 93 hier bo. Soos reeds hier bo vermeld in nota 57, is daar nie veel oor Preller bekend nie en is dit onseker of hy enige regsopleiding en/of onderrig in Latyn ontvang het.

101) Hierdie posisie t.a.v. 'n plaaslike betaalmiddel ingevolge 'n ander plaaslike betaalmiddel is bevestig in *Barry Colne & Co (Transvaal) Ltd v Jackson's Ltd* 1922 CPD 372, 376. Die posisie is egter anders t.a.v. buitelandse handel en betaalmiddels: die bedrag betaalbaar word bereken volgens die waarde van die betaalmiddel ten tyee van betaling (sien *Barry Colne* 377).

102) Sien nota 30 hier bo. Die verdere vraag, nl. of die hooggeregshof die bevoegdheid gehad

het om betaling in klinkende munt te beveel waar daar geen uitdruklike ooreenkoms tussen die partye te dien effekte was nie, word nie in hierdie bydrae bespreek nie.

103) Latere uitsprake oor betaalmiddels betrek die verskil in waarde van buitelandse valuta en nie die depresiasie van binnelandse betaalmiddels nie. In *Ash v Goodliffe, Smart & Searle* (1876) 6 Buch 242, ’n dispuut oor ’n vragtransaksie, het die Kaapse hooggeregshof beslis dat die betaling in roepees moet geskied teen dieselfde waarde as wat die skeepskaptein vir die roepees in ruil vir goud sou kry. In *Van Niekerk v Le Riche* (1907) 24 SC 31 het die verweerder waens, osse en toerusting van die eiser gekoop; die koopprys was betaalbaar ingevolge drie skuldbewyse wat uitdruklik bepaal het dat betaling in Duitse geld moet geskied. Die eiser het egter sekere van die betalings in Engelse geld aanvaar. ’n Dispuut het ontstaan nadat die verweerder ’n betaling in Engelse geld aangebied het vir ’n kleiner bedrag, maar gelykwaardig aan dié bedrag in Duitse geld. Die hof het beslis dat dit die bedoeling van die partye was dat indien betaling in Engelse geld geskied, voorsiening gemaak mag word vir vermindering volgens die wisselkoers.

104) Vandag word die posisie t.a.v. die uitgawe van banknote en muntstukke, die Suid-Afrikaanse geldeenheid en die onderskeie denominasies daarvan, asook wettige betaalmiddels deur artt. 14–7 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank 90 van 1989 en die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse 9 van 1933 gereguleer.

105) TAB SS146 R984/72.

106) Beide besluite word as handgeskrewe kopieë aan die einde van die brief aangeheg. Soos reeds gesê (nota 71 hier bo), maak die handskrewe aard van die skrywe dit bykans onmoontlik om die nommers van die twee besluite te bevestig, maar dit blyk te verwys na art. 106 van 6 Jun. 1872 en art. 2b van 13 Jul. 1872. Art. 106 het die voorsitter van die hooggeregshof verbied om enigsins op wederregtelike wyse teen Dietrich op te tree en bevestig dat die voorsitter verantwoordelik sou wees vir alle skade en koste wat Dietrich sou ly indien die eksekusiestappe voortgesit sou word. Art. 2b het bepaal dat die geregshowe beskikbaar was vir Dietrich se beskerming.

107) Dit is interessant dat Dietrich, wat hom op die Romeins-Hollandse gesag beroep het, een van die persone was wat in 1865 amptelik beswaar aangeteken het teen die Hollandsche Wet as ’n regsbron van die ZAR (sien Bylaag 4, 1866 in Breytenbach Deel VI:94–5).

108 Van Leeuwen (1783:5 13 2): “Alſo moeten de *Magisſtraats*-perſonen, al *Officiers*, en *publyque* Luiden, die in dienſt van den Lande zyn, in ſaken betreffende haren Dienſt of *Officie*, niet voor haren dagelykſen Rechter, maar voor het Hof van Holland ter eerſter aanleg geroepen werden, en ook Aanklagers te Recht ſtaan.” hierdie karakter lyk soos die een in die oorspronklike 18e eeuse teks. Indien dit verander MOET word, vervang dit dan eerder met ’n s.

109) Van der Linden (1806:3 1 1 1): “De algemeene regel in het aanleggen van alle regtsgedingen brengt mede, dat de aanlegger moet volgen den Regter van den Gedaagden (1), en dat men gevolgelijk niemand in de eerste instantie mag betrekken, dan voor zijnen gewoonen, dagelijkschen, en bevoegden Regter (2).”

110) Nl. na die Collegie van Schepenen in die groter stede en ander plaaslike laer howe soos die kleine Bank van Justitie in Haarlem, die Bank van kleine zaaken in Enkhuizen, die Collegie van Vredemakers in Rotterdam, ens. Vir meer oor die ontstaan en ontwikkeling van die onderskeie laer howe in Holland en Batavia, sien Venter (1940:1–9). Die Collegie van Schepenen in Holland het ooreenkomste getoon met die Kollege van Heemrade wat in 1682 vir Stellenbosch gestig is (Visagie 1969:52; Venter 1940:12–4). Venter (1940:232–4) argumenteer dat die kolleges in o.a. die ZAR bly voortbestaan het alhoewel die aard daarvan eerder regterlik as munisipaal was.

111) Die Hof van Holland was ’n hooggeregshof wat aanvanklik administratiewe en juridiese funksies vervul het, maar vanaf 1674 uitsluitlik as geregshof gefunksioneer het. Die hof het as appèlhof in straf- en siviele sake gedien, maar het ook sekere aangeleenthede as hof van eerste instansie aangehoor (Van Zyl 1983:300).

112) Artt. 143, 150 en 151 van die 1858-Grondwet; sien ook Hahlo en Kahn (reds.) (1960:229), asook nota 47 hier bo. In strafaangeleenthede was die hooggeregshof egter die hof van eerste instansie vir daardie misdade waarvan die straf die jurisdiksie van die ander laer howe oorskry het (art. 163 van die 1858-Grondwet).

113) Sien bv. die regsvraag soos gestel in nota 102 hier bo.